DIE VOORTREKKERS

SPANSAAM

Uitgegee deur: *Die Voortrekkers*, Posbus 12542, QUEENSWOOD, 0121
Kopiereg: *Die Voortrekkers*
Eerste uitgawe, eerste druk 2003
ISBN 1-874993-72-6

INHOUD

1 HOEKOM VOORTREKKERS? 1

1.1 WAT BAAT DIT MY OM 'N VOLWASSE LID TE WEES ? 1

1.2 HOE KAN EK AAN VANDAG SE JEUG VOORLIGTING GEE DEUR VOORLEWING? 1

1.3 WAT WIL EK MET MY SPAN BEREIK ? 3

1.4 HOE DOEN EK DIT ? 4

1.5 HET EK 'N MENTOR NODIG EN KAN EK SELF 'n MENTOR WEES ? 5

2 SPANADMINISTRASIE 7

2.1 WAT IS DIE BELANGRIKSTE DINGE OM TE WEET IN VERBAND MET SPANADMINISTRASIE. 7

2.1.1 Spanregister....7
2.1.2 Inligting vanaf kommandodagbestuur 7
2.1.3 Spanbriewe....7

2.2 HOE STIG EK 'N KOMMUNIKASIESTELSEL VIR MY SPAN ? 7

2.3 HOE BEPLAN EK MY SPAN SE BEDRYWIGHEDE SODAT DIT NIE MET HULLE ANDER BEDRYWIGHEDE BOTS NIE ? 8

3 SPANAKTIWITEITE....9

3.1 HOE WERF EN BEHOU ONS SPAN NUWE LEDE? 9

3.1.1 Algemeen....9
3.1.2 Werwing....9
3.1.3 Behoud van lede....9

3.2 HOE BOU EK EN MY SPAN SPANIDENTITEIT ? 10

3.2.1 Die spanvergaderplek....10
3.2.2 Spandrag....12
3.2.3 Spanlied, spankreet en spanembleem....12
3.2.4 Spanfondse....12
3.2.5 Spanjoernaal en Foto-album 12
3.2.6 Spantaal of Spangeheimeskrif....13

3.3 HOE BOU EK 'N HEGTE BAND MET MY SPANLEDE ? 13

3.4 IS DAAR BEPROEFDE METODES OM SPANWERK INTERESSANT TE MAAK ? 13

3.5 KAN EK MEER MET MY SPAN DOEN AS NET DIE VOORGESKREWE GRAADWIELWERK EN SPESIALE ONDERSKEIDINGSKENTEKENS ? 14

3.6 HOE KAN EK MY SPAN SE GELOOFSLEWE OP 'N PRAKTIESE MANIER VERSTERK? 14

3.7 HOE MAAK EK SPANFONDS BYMEKAAR? 17

ISBN 1-874993-72-6 2003-04

4 SPANBYEENKOMSTE 19

4.1 HOE HANTEER EK MY WEEKLIKSE SPANBYEENKOMSTE? 19
4.1.1 KOM BYMEKAAR 19
4.1.2 AANTREE EN APPÉL 20
4.1.3 OPENING 20
4.1.4 STANDPUNTE 20
4.1.5 IN 20
4.1.6 HOOFSAAK 20
4.1.6.1 Die Verantwoordelikheid van die Volwasse lid met ‘n span 21
4.1.7 BYSAAK 21
4.1.8 AANKONDIGINGS 21
4.1.9 OPDRAGTE AAN DIE SPANLEIER 21
4.1.10 AFSLUITING EN VERDAAG 21
4.1.11 WAT MOET ONS NIE VERGEET NIE? 21

4.2 WAAROM IS 'N SPANJAARPROGRAM BELANGRIK ? 22

4.3 IS EVALUERING NODIG? HOE GEBRUIK EK DIE RESULTATE? 23

5 ADDISIONELE AKTIWITEITE 24

5.1 WAT IS DIE WAARDE VAN SPANUITSTAPPIES EN SPANKAMPE EN HOE BEPLAN EK DIT ? 24

5.2 WATTER ROL MOET SPELETJIES SPEEL IN VOORTREKKERWERK ? 25

5.3 WATTER ROL MOET SANG SPEEL? 26

5.4 HOE DOEN EK PARADEWERK MET MY SPAN ? 28

5.5 HOE REËL EK ‘N NAGMARS ? 29
5.5.1 Stel vooraf die volgende vas: 29
5.5.2 Beplan eers voorlopig: 29
5.5.3 Verken die terrein 29
5.5.4 Finale beplanning 31
5.5.5 Hoofkwartier funksie 31
5.5.6 Evaluering 31

5.6 WATTER ROL SPEEL SEREMONIES IN *DIE VOORTREKKERS* ? 31
5.6.1 HOE NOODSAAKLIK IS SPANSEREMONIES ? 32
5.6.2 WAT DOEN EK MET MY AANDPROGRAM BY 'N SPANKAMP ? 32

5.7 WAT MOET EK WEET VAN VOORSLAG PENKOP EN DRAWWERTJIE VOORBEREIDING ? 33

5.8 IS DAAR VOORTREKKERS NA DIE VOORSLAG PENKOP EN DRAWWERTJIE TOEKENNING ? 33

5.9 WAT MOET EK DOEN OM VERKENNERS VOOR TE BEREI VIR HOOFLEIERSWAG EN PRESIDENTVERKENNER ? 34

6 KOMMANDO AKTIWITEITE 37

6.1 WAT IS MY SPAN SE ROL IN DIE UITBOU VAN ONS KOMMANDO ? 37

6.2 IS ALLE SPANNE, KOMMANDO'S EN GEBIEDE EENDERS ? 37

ISBN 1-874993-72-6 2003-04

7 GEBIEDSAKTIWITEITE 39

7.1 HOEKOM MOET MY SPANLEDE GEBIEDSKAMPE BYWOON ? 39

7.2 HOEKOM BEHOORT VOLWASSE LEDE GEBIEDSKAMPE BY TE WOON? 39

7.3 KAN VOLWASSE LEDE OPLEIDING IN ANDER GEBIEDE ONTVANG? 40

7.4 GEBIEDSKAMPE 40

7.4.1 OOS-KAAP GEBIEDSKAMPE 40
7.4.2 VRYSTAATSE GEBIEDSKAMPE 42
7.4.3 GEBIEDSKAMPE VAN NATAL 43
7.4.4 GEBIEDSKAMPE VAN DIE NOORD-KAAP 42
7.4.5 42
7.4.6 TRANSVAALSE GEBIEDSKAMPE:PENKOPPE & DRAWWERTJIES 43
7.4.7 TRANSVAALSE GEBIEDSKAMPE : VERKENNERS 45

8 LEIERSKAP 47

8.1 HOE KWEEK EK LEIERSEIENSKAPPE BY MY SPANLEDE ? 47

8.2 HOE WORD 'N SPANLEIER VERKIES ? 47

8.2.1 Die belangrikheid van spanleiers 47
8.2.2 Wie moet die spanleier wees ? 48
8.2.3 Verkiesing van die spanleier 48

8.3 WAT IS DIE ROL VAN DIE SPANLEIER EN HOE WORD DIE SPAN BESTUUR? 48

8.4 HOE BEMAGTIG EK MY SPANLEIER ? 49

9 MENSEVERHOUDINGE 51

9.1 WIE IS MY SPANLID? 51

9.1.1 VYF JAAR 51
9.1.2 SES JAAR 51
9.1.3 SEWE JAAR 52
9.1.4 AGT JAAR 52
9.1.5 NEGE JAAR 53
9.1.6 TIEN JAAR 53
9.1.7 ELF JAAR 53
9.1.8 TWAALF – VEERTIEN JAAR 54
9.1.9 VYFTIEN TOT AGTIEN JAAR 54

9.2 HOE MOET EK GOEIE VERHOUDINGS MET MY SPANLEDE SE OUERS HANDHAAF ? 54

9.3 WAAROM HANDHAAF ONS DISSIPLINE ? 55

9.4 KONFLIK 56

9.4.1 WAT IS KONFLIK? 56
9.4.2 HOE KAN EK KONFLIK OP ‘N POSITIEWE WYSE HANTEER? 56
9.4.3 WATTER SOORT KONFLIKHANTERINGSTYL HET JY? 58
9.4.3.1 SLEUTEL 58
9.4.4 MODEL VIR KONFLIKHANTERING 59
9.4.5 OORSAKE VAN KONFLIK 60

ISBN 1-874993-72-6 2003-04

9.5 IS DAAR 'N GEDRAGSKODE VIR VOORTREKKERS ? 60

9.6 DIE GEDRAGSKODE VAN 'N VOORTREKKERLEIER 61

9.7 HOE BESTUUR EK WEERSTAND OP VERKENNERVLAK? 61

9.8 ONDERHANDELINGSVAARDIGHEDE 62

9.8.1 Stap 1: Identifiseer die moontlikheid van konflik 62

9.8.2 Stap 2: Verstaan die situasie 62

9.8.3 Stap 3: Soek 'n wen-wen situasie 63

9.8.4 Stap 4: Kies die regte tyd 63

9.8.5 Stap 5: Evalueer 63

10 GEMEENSKAPSBETROKKENHEID 64

10.1 WAAROM MOET MY SPAN GEMEENSKAPSDIENS DOEN ? 64

11 VOORTREKKERDRAG 66

11.1 WAT IS DIE BELANGRIKSTE INLIGTING OOR VOORTREKKER-DRAG ? 66

11.2 HOE KOOP EK ARTIKELS AAN BY DIE VOORTREKKERDEPOT ? 66

12 INDEKS 70

ISBN 1-874993-72-6 2003-04

VOORWOORD

Hierdie publikasie is bedoel om 'n handleiding te wees vir die spanoffisier in die Voortrekkers.

Die spanoffisiere vorm die ruggraat van die Voortrekkerbeweging, omdat hulle met die kinders werk. Daarom sê ons ook dat die span so effektief as die offisier is wat met hulle werk.

Natuurlik is dit maar moeilik om altyd paraat te wees met kennis en idees oor hoe om die spanne goed te laat funksioneer. Daarom het ons probeer om met hierdie boekie soveel bruikbare inligting as moontlik aan u deur te gee.

Mag die gebruik hiervan vir u baie vreugde gee en u en u span tot groot hoogtes voer.

AHL Jan du Plessis
Voorsitter: Vaste Komitee Volwasse Sake

EN AS JULLE OUD IS

Die jare wat julle dien, word ryp
in elke kind wat meer begryp...

Agter die koue kennisgrens
tas hy na maatstaf in die mens:

Die sekerheid wat vaders is
soek hy in jul gestaltenis,

Die liefde wat die moeder dra
word daagliks onbewus gevra.

Jul elke denke, elke daad
strek hom ten goede of ten kwaad.

Wat bot of bitter in jul broei
kan hom tot doringdissel groei

Wat julle groot en suiwer sê
word helder in sy hart gelê;

Die jare wat julle dien word ryp
in elke kind wat meer begryp.

As julle oud is, oud en sterf
sal hoop wat julle gesaai het, swerf

En groei in die gedagtegrond
tot mirtes van ons môrestond.

G.A. Watermeyer

1 HOEKOM VOORTREKKERS?

1.1 WAT BAAT DIT MY OM 'N VOLWASSE LID TE WEES ?

'n Offisier is besig met dinge wat ewigheidswaarde het. Jy werk met Afrikanerkinders, bevorder hulle kreatiwiteit en neem deel aan aktuele en moderne aktiwiteite wat ook jou groei bevorder. Jy sluit waardevolle vriendskapsbande met mense wat jou waardes deel en deel van jou kultuurgroep is. Jy kry geleentheid om uit te kom en die natuur en God se skepping te leer ken en waardeer. Wanneer jy die geleentheid tot diens kry dra dit by tot jou menswees.

Omdat daar binne *Die Voortrekkers* 'n groot verskeidenheid opleidingsprogramme is, kry jy geleentheid om opgelei te word in aktuele onderwerpe soos bv. leierskapstegnieke, bestuur, span-hantering, kommunikasievaardighede, kampering, veldkunde, seekunde, seilkuns, lewensvaardig-hede en vele meer. Op 'n gemaklike en spontane manier doen 'n mens waardevolle ondervinding op in die hantering van die jeug en volwassenes. Dit is 'n voorreg om te help met die opleiding en afronding van Afrikanerkinders. Jy kan saam met ander Christene jou christenskap spontaan uitleef. Algaande kom 'n mens tot die besef dat ons steeds deur ons breinkrag en mensemateriaal 'n beduidende rol kan speel in Suid-Afrika.

Kampe word landwyd gereël, en hoewel 'n mens daar diens doen, is dit ook 'n goedkoop manier om ander dele van die land te sien en daar te ontspan. *Die Voortrekkers* is 'n gesinsbedrywigheid wat ouers en kinders 'n gedeelde belangstelling gee en die geleentheid om dinge saam te doen. Jy neem deel aan gesonde vermaak soos saam te sing, te speel, te dans, te stap, te swem en te seil. Daar is CD's en sangbundels te koop en volksdanskursusse om te loop.

1.2 HOE KAN EK AAN VANDAG SE JEUG VOORLIGTING GEE DEUR VOORLEWING?

Vandag (2003) se kinders is nie meer soos kinders van 10 jaar gelede nie. Verandering vind vinnig plaas. Vic Brink sê die volgende sake is kenmerkend van tieners wat in 'n moderne samelewing grootword:

- 'n Groot persentasie is produkte van wanfunksionerende gesinne. Baie het wonde van gesins-geweld, molestering, ens.
- Hulle sien dat die vorige geslag se pogings om die wêreld te verander misluk het - by hulle is daar nie meer 'n strewe om die wêreld te verander nie.
- Hulle is kinders van die elektroniese era.
- Hulle is meer blootgestel as enige vorige geslag, meer oorval met inligting, opsies en verskillende waarhede, oorgestimuleer, veral vanweë die elektroniese media.
- Hulle sluit maklik af van wat hulle as irrelevant beskou.
- Hulle luistervermoë, soos na preke en lesings, is uiters beperk vanweë 'n kort aandagspan.
- Hulle lewens is oorgeorganiseerd.
- Hulle is in reaksie teen die najaag van prestasie en materiële welvaart van die vorige geslag.
- Hulle leef vir die nou. Hulle sien ook geen hoop vir die toekoms in Suid-Afrika waar die meeste volwassenes "geen hoop vir die toekoms nie," kommunikeer.
- Hulle is moeg vir oud-modiese reëls en strukture.
- Hulle leef minder geslag-spesifiek. Mans dra oorringe en poniesterte en vrouens doen sogenaamde manswerk.
- Hulle openbaar 'n obsessie met vermaak en ontspanning.

- Die jongmense word blootgestel aan verskillende style van aanbidding in die Christelike kerke en dan nog aan verskillende gelowe in die wêreld. Baie kies hoe en wat hulle wil glo en maak nêrens vaste verbintenisse nie.

Geloofsoordrag vind nou deur verhoudings plaas - rolmodelle wat wys hulle geloof en lewens- en wêreldbeskouing werk !!

Hulle ag die volgende na waarde:

- Eenvoud.
- Doen-goed (prosesse).
- Tasbare resultate.
- Die gevoel van vaste grense.
- Oorlewing deur eie bekwaamheid.
- Vriendskap en egte verhoudings.

Dit is die sleutel vir 'n suksesvolle verhouding met jou spanlede

Hulle het 'n diepe wantroue in:

- Outoriteit (eintlik meer as wantroue - dit grens aan verwerping),
- Sisteme en strukture,
- Praat, praat, praat (teenoor aksie),
- Simbolisme (teenoor substansie).

Natuurlik sal nie alle adolessente van ons dag al die "simptome" gelyktydig vertoon nie. Dit behoort vir jou net 'n aanduiding te wees waar om te gaan soek as jy iets meer wil verstaan van die moderne wêreld waarin jou spanlede grootword. Ons kan nie ons oë sluit vir hierdie werklikheid nie.

Wat is die implikasie hiervan vir volwasse lede wat met hierdie kinders werk?

- Doen moeite om die nuwe geslag te verstaan.
- Spanwerk moet prosesgerig wees - kry jeuglede betrokke en lewer tasbare resultate onder leiding van geloofwaardige rolmodelle.
- Waarheid is vir hulle relatief. Moenie probeer met feite en bewyse (kognitief) oortuig nie. Hulle sal net sê "Dis okay, so what?" Wys voorbeelde, vertel jou storie. Jou lewe sal oortuig, nie jou woorde nie.
- Werk aan verhoudings met jou spanlede - dis uiters belangrik!
- Hulle het 'n reuse behoefte aan berading - mense wat sal luister.
- Moenie hulle afskiet nie - veral nie oor hoe hulle lyk of aantrek nie, jy sal hulle net antagoniseer.

Hoe lyk die volwasse lid wat kan voorlig deur sy voorlewing ?

Hy/sy :

- moet bereid wees om God te verheerlik,
- moet geloofsekerheid hê,
- moet toegerus en bekwaam wees,
- moet bereid wees om baie opofferings te maak,
- moet 'n liefde vir die jeug hê en dit wys,
- moet 'n fyn waarnemer wees,
- moet hom onvoorwaardelik aan sy span gee,
- moet realisties wees,
- moet kan kommunikeer,

- moet ‘n positiewe ingesteldheid hê,
- moet eg mens wees,
- moet opreg in sy spanlede belangstel.

Dit lyk byna onmoontlik nie waar nie? Maar met hierdie dinge in gedagte kan elke volwasse lid of voornemende volwasse lid die mees verrykende verhouding met sy spanlede ontwikkel. Toe ek nog ‘n groentjie was, het ons kommandoleier vir ons gesê: "Onthou, julle werk met God se verbondskinders". Wat ‘n voorreg, wat ‘n verantwoordelikheid.

1.3 WAT WIL EK MET MY SPAN BEREIK ?

Hierdie vraag is die mees essensiële vraag wat elke toegewyde volwasse lid homself moet vra wanneer hy besluit om ‘n span te neem en om die gepaardgaande verantwoordelikhede te aanvaar.

Maak jou uitgangspunt:

Ek wil graag ‘n monumentjie van hierdie kind se lewe maak.

Dit moet elke volwasse lid se strewe wees om die Voortrekkergrondslag, -wese en –doelstellings deel van sy Voortrekkerwerk te maak en sodoende te verseker dat

- Afrikanerskap
- Burgerskap
- Christenskap

daardeur bevorder word.

Voortrekkerwerk is ontwikkel met die doel om bogenoemde te bevorder. Daarom word dit die ABC van Voortrekkerwerk genoem.

Indien ‘n volwasse lid nie hierdie belangrike roeping besef nie, kan dit maklik gebeur dat hy sy werk deurjaag met die oog daarop om aan die einde van die jaar die graadwiel aan sy spanlede toe te ken.

Graadwielwerk en kentekenwerk is projekgedrewe werk wat deur elke volwasse lid gebruik kan word om die kennis, vaardighede en gesindhede van elke kind te ontwikkel. Dit moet nie as ‘n las gesien word nie, maar as ‘n hulpmiddel om sekere uitkomste met die span te bereik.

Aan die einde van die jeuglid se Voortrekkerloopbaan moet die uitkoms een wees van:

‘n Afgeronde Christen-Afrikaner wat in die wêreld ‘n verskil kan maak.

Dit beteken dat die volwasse lid homself liefs behoort te verbind tot sy span vir minstens twaalf jaar. Dit mag vir die nuweling na ‘n baie lang tyd klink, maar onthou dat jy saam met die kind in die tyd groei en ontwikkel en kort voor lank is die twaalf jaar verby.

Volwasse lede moet versigtig wees om deur onbenullighede binne *Die Voortrekkers* weggevoer te word en sodoende die gevaar staan om te vergeet waarom ‘n mens in die eerste plek by *Die Voortrekkers* betrokke raak.

Onthou dat jou fokus altyd gerig moet wees op die bevordering van die jeuglid se kennis, vaardighede en gesindheid en die uitkomste waarna gestreef word aan die einde van sy Voortrekkerloopbaan.

Om die jeuglid se belangstelling te behou moet ons nie soos ‘n rivier die weg van die minste ongerief volg nie, maar eerder streef daarna om ‘n beter diens aan die jeuglid (ons kliënt) te lewer.

Om die jeuglid se belangstelling te behou moet ons ons spanbyeenkomste, uitstappies, kampe en ander bedrywighede so beplan dat dit altyd kreatief is en hulle laat uitsien na wat hulle volgende keer gaan doen.

Soos die Voortrekkerjare aanstap moet jy as toegewyde volwasse lid ook besef dat jy nie meer moet voorloop nie, maar eerder die rol van begeleier moet aanvaar, sodat jou span eendag vir hulself die lewe kan laat geniet binne *Die Voortrekkers*. Die uitkoms wat ons wil bereik is dat elke jeuglid die geleentheid moet kry om as leier op te tree, maar meer nog, om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy eie doen en late.

Skep deurentyd geleentheid vir spanne om by die gemeenskap betrokke te raak. Die persepsie dat Voortrekkers dinge doen ver van almal, moet verbreek word. Die jeug waarmee ons vandag werk is mense wat baie interaksie met hulle gemeenskap het by wyse van die skoolgemeenskap, kerkgemeenskap, winkelsentrums, televisie, internet en dies meer. Hulle is nuuskierig oor die buitewêreld en ons moet hulle daaraan blootstel.

Dit beteken dat ons ook die gemeenskap aan *Die Voortrekkers* moet blootstel. Moedig die dra van jou span se aktiewe drag aan op alle uitstappies asook spanbyeenkomste. Sodoende word hulle gewoond daaraan om hierdie drag te dra en wanneer julle uitgaan, is hierdie drag nie vir hulle vreemd nie en hulle sal dit met trots dra. Beeldbou vir die beweging word bewerkstellig en die gemeenskap neem weer van vooraf kennis van *Die Voortrekkers* wat besig is om ‘n verskil te maak binne hulle gemeenskap. Verander onbekend is onbemind na bekend is bemind.

Die monumentjie wat aan die einde van die jeuglid se Voortrekkerloopbaan moet getuig van een uitkoms:

Jou spanlede moet spontane Christen-Afrikaners wees.

Dit sal jy net regkry as jy ‘n spontane Christen-Afrikaner is wat dit elke dag in jou persoonlike lewe uitleef tot voorbeeld van jou spanlede.

Langenhoven het gesê: "Daar is drie tipes mense: Die wat dinge laat gebeur; die wat kyk hoe dinge gebeur en die wat wonder wat gebeur het."

Mag jy as volwasse lid nooit eendag sê: "Ek wonder wat het verkeerd gegaan nie", wees eerder iemand wat dinge laat gebeur.

1.4 HOE DOEN EK DIT ?

Voortrekkerwerk kan op ‘n groot verskeidenheid maniere gedoen word, bv. deur middel van graadwielwerk, spesiale onderskeidingstekens, uitstappies, kampe, vlotvaarte, toere, ens.

Elke uitstappie en kamp moet benut word om ‘n deel van jou Voortrekkerwerk te doen. Beplan jou uitstappie so dat ‘n deel van jou spesiale onderskeidingsteken afgehandel word of ‘n gedeelte van jou graadwielwerk. Dit kan so gedoen word dat die span nie eers besef dat hulle met werk besig is nie.

Maak gebruik van praktiese onderrigmetodes soos spel, pret, avontuur, kreatiwiteit, besprekings, dienslewering, ens., maar vemy lesings soos die pes.

Gebruik aanbiedingsmetodes soos rolspel, debatvoering, vasvra en dinkskrum.

Skryf vir elke aktiwiteit ‘n uitkoms (jou doelwit) en kyk aan die einde of jy dit bereik het. Stem dit ooreen met iets in die Voortrekkerkode?

Sorg dat daar tydens ‘n byeenkoms genoeg afwisseling is. Hoe jonger die span hoe korter hulle aandagspan.

Maak gebruik van Voortrekkergesinde kundige persone. Jy hoef nie alle kennis in pag te hê of alles self aan te bied nie. Kry die span se ouers betrokke by aanbiedings of die reël van aanbiedings.

Laat spanlede soms self die aanbieding doen en help hulle met die voorbereiding. Dit bied geleentheid tot spontane leierskapsontwikkeling.

1.5 HET EK 'N MENTOR NODIG EN KAN EK SELF 'N MENTOR WEES?

'n Nuwe volwasse lid het verseker 'n mentor nodig.

Die persoon moet hom in die onbekende wêreld van Voortrekkerwees inlei. Hy moet hom begelei en motiveer. Die mentor moet veral die nuweling van raad bedien oor moontlike opleidingsgeleenthede. 'n Goeie plan is dat die mentor saam met die nuweling die oriënteringsgesprek deurloop.

Waak egter daarteen om te afhanklik te word van die mentor. Mettertyd moet jy jou eie styl vestig en innoverend optree.

Ook die gevestigde volwasse lid benodig iemand teenoor wie hy openlik kan praat en by wie hy raad kan vra. Niemand is te slim om te leer nie.

ISBN 1-874993-72-6 2003-04 HOEKOM VOORTREKKERS?

2 SPANADMINISTRASIE

2.1 WAT IS DIE BELANGRIKSTE DINGE OM TE WEET IN VERBAND MET SPANADMINISTRASIE.

2.1.1 Spanregister

Dit is die belangrikste dokument vir die span en moet altyd volledig en korrek ingevul word. Tensy die kommando alle inligting op 'n rekenaarprogram oordra en kopieë daarvan maak en steun, moet die register nooit weggegooi word nie. Sommige kommando's maak hulle eie registers wat doelgerig vir hulle bedoel is. Die volgende behoort in die register te wees: jaarprogram, standaard inligting vir die kommando, spanlede se besonderhede soos bv. naam, adres, telefoonnommer van ouers, verjaardagdatums, name van ouers, skool wat die spanlid bywoon, teenwoordigheid, byeenkomste bygewoon, kentekens verwerf, graadwiele behaal, gebiedskampe bygewoon. ‘n Inkomste en uitgawestaat van die spanfonds kan ook in die spanregister gehou word. Hou ook boek van betaling van ledegeld, kampgeld, ens. In sommige kommando's word dit volledig deur die adjunkprovinsieleier [finansies] behartig, maar dit is tog handig vir die volwasse lid om rekord te hê.

Bewaar altyd jou spanregister al is die span al uit die kommando. Dit bly 'n interessante dag tot dag verhaal van die span.

2.1.2 Inligting vanaf kommandodagbestuur

Heelwat inligting kom vanaf die Gebied, Oord en Kommando deur na spanlede. 'Hou Koers', Inligtingsbriewe, gebiedsomsendbriewe en oordomsendbriewe bevat inligting wat op die span betrekking kan hê. Daar is ook baie inligting op die internet by www.voortrekkers.org.za. Dikwels sal inskrywingsvorms en kampbriewe ook op die internet beskikbaar wees.

2.1.3 Spanbriewe

Die volwasse lid is die skakel met die span en moet sorg dat die inligting aan hulle gegee word. Maak 'n punt daarvan om te sorg dat jou span en hulle ouers goed ingelig is. Indien 'n groot deel van jou spanlede e-pos kan ontvang, plaas dit ook daarop. Sorg dat die wat nie e-pos het nie tog al die inligting op papier ontvang. Bring inligting wat op die span betrekking het deur middel van spanbriewe aan ouers bekend.

2.2 HOE STIG EK ‘N KOMMUNIKASIESTELSEL VIR MY SPAN ?

Goeie kommunikasie sorg dat elke spanlid ingelig is en op sy beurt werk dit effektiewe funksionering in die hand. Vanaf graad 4 kan die spanlede ‘n eie kommunikasiestelsel uitwerk en bedryf. Verskeie metodes word met vrug deur spanne gebruik, bv.:

- Kettingbel: Elke spanlid skakel 2 ander spanlede. Die laaste lid in die ketting skakel die volwasse lid. So weet hy dat almal die boodskap gekry het.
- Vaste aktiwiteit: Een van die vaste aktiwiteite gedurende spanvergadering is aankondigings en opdragte.

P/D volwasse lede kan die volgende gebruik:

- Briefies aan ouers. Dit is nie altyd doeltreffend nie. E-pos werk dalk beter.
- Persoonlike kontak met ouers indien ‘n spanlid bv. afwesig was.
- Maak gebruik van ‘n span se eie geheime skrif. ‘n Geheime boodskapplek help ook om dit interessant te hou.
- Posbus by die skool net vir jou span.

Verkenners geniet moderne metodes:

- e-pos
- SMS boodskappe
- Stempos (voice mail)
- Elke Verkenner behoort ‘n jaarprogram te besit. Veranderinge moet onder hulle aandag gebring word.

2.3 HOE BEPLAN EK MY SPAN SE BEDRYWIGHEDE SODAT DIT NIE MET HULLE ANDER BEDRYWIGHEDE BOTS NIE ?

Goeie vroegtydige beplanning en opgestelde programme is noodsaaklik. Kinders is verskriklik besig en hulle ander aktiwiteit moet in ag geneem word by die opstel van 'n spanprogram. Neem skole, kerke, kore, sport, ouers, ens., se programme so ver moontlik in ag, maar moet glad nie verbaas wees as daar op die nippertjie veranderings in jou span se beplanning gemaak moet word nie.

- Handhaaf op kommandovlak goeie betrekkinge met veral skole. Onthou dat skool aktiwiteite altyd vir kinders eerste prioriteit sal bly. Dit is 'n verlore stryd om dinge in kompetisie met skoolprogramme te probeer reël. Poog liewer om samewerking en inskiklikheid van die skool se kant af te kry.
- Kry die ouers aan jou kant, sonder hulle ondersteuning gaan jy nie ver kom nie.
- *Die Voortrekkers* moet sigbaar wees. Indien die skool en die gemeenskap die waarde en belangrikheid van Voortrekkeraktiwiteite besef sal jy baie meer samewerking van hulle af kry.
- Betrek die span by die opstel van 'n program, as hulle deel is van die beplanning sal hulle ook wil deel wees in die uitvoering van die program.
- Onderhandel eerder as om te konfronteer en ultimatums te stel. Miskien kan 'n spanlid tien minute vroeër by 'n rugby oefening verskoon word en tien minute laat by die spanbyeenkoms inval. As jy daarop aandring dat almal sonder uitsondering betyds by die Voortrekkerbyeenkomste moet wees, is die kans goed dat jy spanlede gaan verloor.
- Wees kreatief met vergadertye. Wat is fout met spanvergaderings sesuur op 'n Saterdagoggend?

3 SPANAKTIWITEITE

3.1 HOE WERF EN BEHOU ONS SPAN NUWE LEDE?

3.1.1 Algemeen

- Die "EK" en "ONS" beginsel moet duidelik uitgestippel wees.

Volwasse lede moet aanvaar dat hulle deel van die span is, dan sal die "ONS"-beginsel altyd geld. Die volwasse lid is ook 'n "Koedoe" wanneer dit by spandinge kom en moet dienooreenkomstig deelneem en altyd sorg dat die goeie balans deur sy voorbeeld gehandhaaf word.

Wanneer die "EK"-beginsel geld dan sien ons duidelik dat spanne se belangstelling taan en dat spangrotes dramaties afneem. Vir so ‘n volwasse lid is sy posisie en rol baie belangrik en kom die kinders se behoeftes tweede. Ons moet onthou dat hierdie 'n jeugbeweging is en dat die kinders ons kliënte is.

3.1.2 Werwing

- 'n Goeie tyd om te werf is in graad 3 vir P/D's en in graad 9 vir Verkenners. Nou is die nuwe skoolomgewings nie meer so onbekend nie en ouers is meer geneë om kinders met ander dinge as skool te deel en toe te vertrou.
- Die werwing van nuwe lede:
  - Deur volwasse lede wat self-gemotiveerd is, stel eie spanlede belang in *Die Voortrekkers* en deur hul volwasse lid se voorbeeld te volg stel ander nie-Voortrekkers later ook belang
  - Afkondigings by die skool - wanneer die span gaan kamp of op 'n uitstappie gaan dan weet die hele skool daarvan
  - Spogkas by die skool - Elke span het eie uitstalruimte van spanaktiwiteite met die span se kontaknommer daarby.
  - Bring-'n-maat-projek - hou 'n uitnemende spankamp gemik op spanbou en elke lid bring een nie-Voortrekkermaat saam.
  - **Suksesvolle volwasse lede het suksesvolle spanne**

3.1.3 Behoud van lede

- Hou 'n persoonlike statistiekrekord by van elke lid - dit dwing jou om meer van hom te weet.
- Doen huisbesoek ten minste eenmaal per jaar by elke gesin.
- Stuur verjaarsdagkaartjies aan die ouers.
- Maak tyd vir die kind buite Voortrekkertyd - JY as volwasse lid is die rots van sy stand-vastigheid.
- Hou ouers te alle tye ingelig oor Voortrekkeraktiwiteite deur 'n maandelikse nuusbrief aan hulle te stuur (e-pos indien moontlik).
- Stel uitdagings aan die span en neem self aktief deel in die bepaling daarvan.
- Hou by jou spanjaarprogram - moenie kinders se tyd mors nie - gebruik jou heemraad om jou beloftes op die spanjaarprogram na te kom as jy nie kan nie.
- Die "produk" van jou Voortrekkeraanbiedings moet so wees dat kinders daarmee wil assosieer en dat hy sal wil bly.
- Hanteer kinders menswaardig.
- Ondersteun jou spanlid wat deur 'n moeilike tyd worstel (gee tyd en aandag).
- Ondersteun jou spanlid se gesin wanneer hulle moeilike tye beleef.
- 'n Volwasse lid kan kinderlik wees, maar hy moet nie kinderagtig wees nie.

- Wees eerder 'n vriend vir jou spanlede as net nog "'n grootmens wat ons (die kinders) nie verstaan nie".
- Hou op om outyds te wees en wees eerder eietyds saam met die kinders - dis jou geleentheid om weer jonk te kan wees!

3.2 HOE BOU EK EN MY SPAN SPANIDENTITEIT ?

Sake rondom spanidentiteit moet omsigtig hanteer word. Hier volg ‘n paar voorstelle, maar dit is nie die alfa en omega van spanidentiteit nie.

3.2.1 Die spanvergaderplek

Dit moet verkieslik ‘n plek wees waar die span hulle ten volle kan uitleef. Sommige kommando's het ‘n kommandosentrum waar ‘n span ‘n spankamer het. Dit maak die inrig van ‘n spanvergaderplek baie maklik. Hier kan hulle uitbeeld wat hulle doen en dinge uitstal wat hulle identiteit beklemtoon. As jou span so gelukkig is moet hulle aangemoedig word om dit as ‘n tuiste in te rig.

Die meeste volwasse lede is afhanklik van ‘n huis as vergaderplek. ‘n Interessante standpunt is dat jy nie jou eie huis gebruik nie, maar een van die spanlede se ouerhuis ? Wat is die voordele hiervan?

- Jy hoef nie na die spanbyeenkoms verantwoordelikheid te neem vir die netheid nie. Die ouer kan jou hiermee bystaan deur te sorg dat die spanlede help om na die tyd op te ruim.
- Die ouer neem waar wat jy en jou span doen en indien jy jou werk goed doen sal sy vir jou in die bres tree by ander ouers.
- Indien daar van die ouers is wat ontevrede is, sal hierdie ouer gewoonlik met jou gesels by die volgende byeenkoms
- Ouers praat met mekaar en daardeur word Voortrekkersentiment verstewig as die ouer telkens vir jou ‘n lansie breek.

Of jy van ‘n ouer se huis gebruik maak of noodgewonge jou eie beskikbaar stel, moet die volgende in gedagte gehou word:

- ‘n Stoep, buitekamer of gesinskamer kan dien as vergaderplek. Na afloop van die spanvergadering moet almal help om die plek weer leefbaar te maak. Spanlede leer verantwoordelikheid aanvaar.
- Hoewel hier nie permanente uitstallings kan plaasvind nie, kan ‘n mens van borde gebruik maak waarop sekere items aangebring word of byvoorbeeld ‘n spanvaandel in ‘n staander tydens die vergadering vertoon.

Sommige kommando's vergader op die skool- of kerkterrein. Voortrekkers "onder ‘n boom" is ‘n bietjie moeilik veral as die weer nie saamspeel nie. Maar as daar geen ander uitweg is nie, moet die boom ook van ‘n identiteit voorsien word deur bv. ‘n vaandel te gebruik of ‘n spankis se oopgeslane deksel as vertoonplek van die span se nuutste foto's, ens. te gebruik.

Rotasie tussen ouerhuise het die nadeel dat spanlede soms vergeet waar die volgende byeenkoms is.

Onthou dat dinge binne die Voortrekkeromgewing

- **Vas moet wees** - hou by jou program.
- **Seker moet wees** - lede moet weet waar en wanneer hulle vergader en met watter reëlmaat.
- **Gereeld moet wees** - moenie spanbyeenkomste goedsmoeds kanselleer nie, reël eerder ‘n plaasvervanger om dit waar te neem.

3.2.2 Spandrag

Die dra van aktiewe Voortrekkerdrag moet aangemoedig word. Wanneer Voortrekkers in die breë gemeenskap beweeg, moet die Voortrekkeridentiteit eerder beklemtoon word.

'n Span kan hulle eiesoortigheid beklemtoon deur 'n eiesoortige spandrag. Dit kan uit verskeie vorme bestaan. Spandrag kan die uitkenning van die span in die kommando vergemaklik. Let asseblief op die voorskrifte rakende Voortrekkerdrag indien jy toevoegings wil maak tot die aktiewe drag. Dink byvoorbeeld aan 'n hoed waarop julle spanembleem voorkom. Binne 'n kommando kan verskillende hoedens die spanne onderskei.

Koste is 'n faktor wat altyd in berekening gebring moet word. 'n Spanlid kan bv. sy hoed verdien deur die bydrae wat hy tot sy span maak.

3.2.3 Spanlied, spankreet en spanembleem

Dit kan 'n lekker kreatiwiteitsoefening wees om dit te maak. Die ouderdom van die span sal bepaal wat hulle aanvaarbaar en sinvol vind. Elke jaar kan 'n verdere item gemaak word.

3.2.4 Spanfondse

Geld is 'n netelige aangeleentheid. Volwasse lede kry nie vergoeding vir tyd, telefoonoproepe en ontberings nie.

Elke offisier wil graag sy spanaktiwiteit met kreatiwiteit en entoesiasme aanbied. Hiervoor is hulpmiddels nodig. Dit bring mee dat daar soms aankope gedoen moet word. Die geld hiervoor moet nie uit die volwasse lid se sak kom nie, maar is die verantwoordelikheid van die ouers en spanlede. Spanfonds word hiervoor benodig.

Spanfondse kan aangewend word vir die volgende:

- Aankoop van hulpmiddels
- Dankie-sê geskenkies na afloop van uitstappies
- 'n Petrolgeldjie vir persone wat help met vervoer
- Kampgeld of ledegeld vir hulpbehoewende lede
- Aankoop van spandrag
- Aankoop van verversings vir 'n spesiale geleentheid

Ouers is dikwels suinig met hulle tyd en gee eerder geld as om 'n fondsinsameling te ondersteun. Tog kan dit bydra tot 'n aangename onderlinge gesindheid wanneer ouers en kinders saamwerk vir fondse. Deur fondsinsameling kan spanlede se entrepreneursvernuf ontwikkel word.

'n Spanfondskoevertjie kan maandeliks uitgestuur word waarin elke ouer 'n bydrae kan plaas. Die bydraes bly anoniem, maar spanlede kry gelyke voordeel uit die geld. Die gegoede ouer dra dikwels mildelik by as vergoeding vir sy onbetrokkenheid. Klaar die idee uit met ouers by 'n jaarlikse ouervergadering.

3.2.5 Spanjoernaal en Foto-album

'n Spanlid of twee moet hiervoor verantwoordelikheid neem. Sorg dat dit op datum gehou word. Stal dit uit wanneer die ouers byeenkom of wanneer die kommando 'n uitstalling hou.

3.2.6 Spantaal of Spangeheimeskrif

Dit pas goed by P/D's tussen graad 3 en 6
Iets wat maklik werk moet gekies word.
Spanlede moet plegtig onderneem om nie aan ander persone die geheim te verklap nie.

3.3 HOE BOU EK 'N HEGTE BAND MET MY SPANLEDE ?

Die verhouding tussen die volwasse lid, die onderskeie spanlede en die span is 'n vertrouens-verhouding. Jy word 'n ekstra ouer vir die jeuglid. Jy neem nie 'n ouer se plek in nie, maar tree as 'n belangrike volwassene op in die kind se lewe. Woon soms hulle sport-, kerk- of kultuur-bedrywighede by, al is jou eie gesin nie daarby betrokke nie. Deel tydens spanbyeenkomste in mekaar se lief en leed. Deel in mekaar se prestasies en onthou mekaar se verjaarsdae. Hou kontak met die spanlid se ouers en hou hulle op hoogte van julle bedrywighede. 'n Spannuusbrief aan ouers kan baie hiermee help. Doen huisbesoek by elke spanlid se ouerhuis, sodat jy hom beter kan verstaan en die ouers jou kan leer ken en vertrou.

Lê klem daarop dat die spanlede familie van mekaar is en mekaar moet ondersteun en bystaan. Beplan 'n besondere spaninlywing om nuwe spanlede te verwelkom. Stel vir die span bereikbare uitdagings wat by hulle pas. Stel saam met die span 'n spankontrak op en help hulle om dit toe te pas. Jy en jou span moet mekaar kan vertrou. Hou lang kampvuurgesprekke met jou spanlede. Moedig spanlede aan om as mentor vir een van sy spanlede op te tree. Kry saam met jou span swaar, bv. dra jou eie rugsak en slaap saam op die grond as julle op 'n staptoer gaan. Bou op alle moontlike maniere spansement tussen die boublokke van julle bedrywighede in.

3.4 IS DAAR BEPROEFDE METODES OM SPANWERK INTERESSANT TE MAAK ?

- Die beste manier om van interessante en stimulerende idees te wete te kom is deur kontak met ander volwasse lede. Mense wat in isolasie werk se idees raak gou op. Sorg dat jou kommando se volwasse lede na saamtrekke en kursusse gaan. Gebiedskampe bied goeie geleentheid vir die uitruil van idees.
- Daar is 'n groot verskeidenheid kursusse wat volwasse lede kan loop. 'n Prospektus met inligting oor al die kursusse is by die Voortrekkerdepot beskikbaar. Jou gebied se omsendbriewe bevat inligting oor kursusse wat aangebied word.
- Die tydskrif *Hou Koers* bevat interessante idees. Verneem gerus by jou kommando of daar nie ou nommers beskikbaar is nie.
- Die reeks *So Maak Mens* bevat praktiese idees wat deur ervare volwasse lede ontwerp is. Dit is beskikbaar by die Voortrekkerdepot of kyk op die internet by www.voortrekkers.org.za vir gereelde opdatering.
- Tydskrifte en koerante bevat idees wat vir Voortrekkerwerk verwerk kan word.
- Hou van tyd tot tyd werkswinkels in jou kommando waar interessante idees geruil word. Plaas die idees in 'n "ideebank" vir latere gebruik.
- Hou gereeld bogenoemde adres op internet dop vir inligting.
- Elke kommando behoort 'n eie biblioteek aan te lê. Al die Voortrekkerliteratuur sowel as ander bruikbare bronne moet tot beskikking van volwasse lede gestel word. Indien jou kommando nie oor so iets beskik nie moet jy iets daaraan probeer doen!
- Maak gebruik van kundige persone in jou omgewing om van die Voortrekkerwerk aan te bied. Bou 'n netwerk op, sodat sulke mense ook deur ander volwasse lede aangewend kan word.

3.5 KAN EK MEER MET MY SPAN DOEN AS NET DIE VOORGESKREWE GRAADWIELWERK EN SPESIALE ONDERSKEIDINGSKENTEKENS?

Die graadwielwerk en spesiale onderskeidingskentekens is die spil waarom meeste van die span se werksaamhede sal draai. Die metodes wat gebruik word moet so lekker en vol avontuur as moontlik wees. Hoe lekkerder die aktiwiteit hoe meer inligting word oorgedra. Die volwasse lid moet nie dink dat dit voldoende is nie! Die span verwag van die volwasse lid om gereeld 'n ander

sinvolle lekker aktiwiteit aan te bied wat hulle steeds laat groei in hulle menswees. Die aktiwiteit moet so wees dat hulle dit graag aan hulle maats wil oorvertel. Hulle moet daarmee kan spog. Die opvoedingstaak van die volwasse lid kan in elke aktiwiteit ingebou word sonder dat die span sal weet hulle is besig met "opvoeding".

Hierdie "Voortrekkerboom" is stewig gewortel in die grond wat die grondslag van *Die Voortrekkers* verteenwoordig (sien volgende bladsy). Aan sy stam kan jy die wese van *Die Voortrekkers* herken. In sy takke begin jy die doelstellings van hierdie unieke boom herken. Sy gesonde vrugte en blare spreek van gesonde aktiwiteite wat deur die gemeenskap waardeer word en waaraan elke ouer graag wil hê sy kind moet deelneem.

Die volwasse lid moet hierdie vrugte so aantreklik as moontlik aan die spanlid bemark met die wete dat dit die vrugte van die Voortrekkerboom is. Die jeuglid moet so baie van die vrugte eet dat die saadjies van die vrug in hom ontkiem en dat hy ‘n boom word wat net soos die boom lyk en vrugte dra wat ooreenstem met die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers*. Die volwasse lid beloof in sy inlywingsbelofte om die jeug se boompie te versorg, gereeld nat te maak, met sorg te snoei, ander verdringende plante weg te sny, sodat die boompie die vrugte kan dra wat ons graag wil hê. Die vrugte wat die boom dra is nie net vir *Die Voortrekkers* nie, maar vir die hele gemeenskap tot waarde.

3.6 HOE KAN EK MY SPAN SE GELOOFSLEWE OP ‘N PRAKTIESE MANIER VERSTERK?

Met vandag se jeug vind geloofsoordrag deur verhoudings plaas - rolmodelle wat in sy lewe kan wys dat die Evangelie sin uitmaak in vandag se lewe. Waarheid is vir hulle relatief. Moenie probeer om hulle met feite en bewyse te oortuig nie. Wys voorbeelde, vertel jou storie. Jou lewe sal oortuig, nie jou woorde nie. Leef dus, sonder om prekerig te wees jou Christenskap prakties voor hulle uit.

Hulle wantrou Damaskuspad-bekerings. Geleidelike betrokke raak in ‘n verhouding met die Here Jesus is meer algemeen by hulle. Hulle het ‘n reuse behoefte aan berading. Dit is ‘n uitstekende geleentheid om teenoor hulle te getuig dat die Christelike manier van doen in jou lewe werk.

Maak ruimte vir ‘n eietydse jeugspiritualiteit - moenie hulle manier van aanbid en lofprysing afskiet nie.

Jesus Christus het Hom totaal vereenselwig met die arme sondaarmens, en nie van bo af probeer help nie. Dit is die verskil tussen ‘n jeugbediening waar die afrigter (volwasse lid) op die rivieroewer staan en bevele uitskreeu aan die jeuglede wat met die boot roei en die afrigter (volwasse lid) wat bereid is om saam met hulle in die boot te klim en so sy bydrae te maak.

PENKOP EN DRAWWERTJIE BELOFTE

EK SAL ORAL EN ALTYD PROBEER OM 'N VOORTREKKER TE WEES, OM GEHOORSAAM TE WEES, OM MY VOLK, MY LAND EN MY MEDEMENS TE DIEN EN BO ALLES DIE HERE LIEF TE Hê

KODE



WESE

OUTONOME KULTUURBEWEGING VIR LEDE VAN DIE AFRIKANERVOLK, IN BESONDER SY JEUG, GERIG DEUR BYBELS-CHRISTELIKE LEWENS- EN WêRELDBESKOUING TOT 'N LEWENSWYSE VAN

EER AAN } **GOD**

EN DIENS AAN } **VOLK**, **LAND**, **MEDEMENS**

GRONDSLAG

ISBN 1-874993-72-6 2003-04 SPANAKTIWITEITE

3.7 HOE MAAK EK SPANFONDS BYMEKAAR?

Die publiek is bereid om *Die Voortrekkers* geldelik te steun omdat hulle weet daar word positief en aktief met die jeug gewerk. Deur fondsinsamelingsprojekte noukeurig te beplan kan 'n neseiertjie die druk op ouers se sakke verlig en help om van die span se aktiwiteite te befonds.

Spanlede moet aktief betrek word in die boekhouding van spanfondse. Dit moet goed beheer word en ouers moet gereeld 'n inkomste- en uitgawestaat sien en goedkeur. Die fondse moet in die kommando se rekening gehou word. Die kommando kan besluit op 'n kontantbedrag wat deur die volwasse lid gehou mag word. Samel fondse vir 'n spesifieke projek in en hou 'n gedeelte vir algemene spanfondse. Betaal van tyd tot tyd vir iets lekkers vir die span uit die spanfonds.

Hier volg 'n paar metodes om fondse bymekaar te maak:

- Bydrae koeverte. Ouers gee soveel as wat hulle kan bekostig.
- Verkoop eetgoed soos pannekoek, worsbroodjies en koeldrank
- Bied 'n dans of formele bal aan vir graad 10 tot 12 kinders.
- Was vliegtuie, busse of motors.
- Bied 'n kleuterskoolkonsert aan.
- Reël 'n pa en seun of ma en dogter uitstappie.
- Pluk en verpak vrugte gedurende oestyd.
- Doen spyseniering vir 'n onthaal.

ISBN 1-874993-72-6 2003-04 SPANAKTIWITEITE

4 SPANBYEENKOMSTE

4.1 HOE HANTEER EK MY WEEKLIKSE SPANBYEENKOMSTE?

Spanbyeenkomste is die ruggraat van Voortrekkerwees. Dit verg deursettingsvermoë en toewyding van die volwasse lid om te verseker dat daar elke week, soos aangedui op die spanjaarprogram, 'n spanbyeenkoms sal wees.

Volwasse lede moet daarop let dat spanbyeenkomste nie sommer vir enige rede afgestel moet word nie. Maak eerder 'n alternatiewe reëling met jou veldkornet of mede-volwasse lede om die spanbyeenkoms waar te neem.

Kinders hou van dinge wat seker en vas is. Kinders hou van reëlmaat en dat dinge op tyd moet plaasvind. Kinders is nie oningelig nie, en weet presies wanneer 'n volwasse lid onvoorbereid is vir 'n spanbyeenkoms. Kinders verwag van ons om ons beste te lewer op elke spanbyeenkoms. Kinders is nie gepla oor ons moeilike dag by die werk nie, hulle is hier vir Voortrekkers, so moenie die dag se frustrasies op hulle uithaal nie.

Kinders is ons kliënte - dit is ons plig om aan hulle ons beste diens te alle tye te lewer.

Hier volg 'n redelike standvastige patroon waarop 'n spanbyeenkoms begelei kan word sonder dat kinders agterkom dat hulle eintlik gelei word om in sekere tye op 'n sekere manier op te tree.

4.1.1 KOM BYMEKAAR

Hierdie is 'n aanduiding dat die spanbyeenkoms nou 'n aanvang gaan neem; want Voortrekkers is so lekker dat almal buitendien vroeër by die maatjie kom 'speel' waar die spanbyeenkoms gehou word. Nou kan alle speelgoed en poppe weggebêre word, sodat ons ongesteurd kan voortgaan.

- **Spanplek** - Dit moet seker wees. Elke week by dieselfde plek, sodat almal altyd weet waar dit is.
- **Spantyd** - Dit moet verkieslik seker wees. Vir kinders tot Gr 4 is een uur voldoende. Met ouer kinders kan jy beswaarlik met minder as 90 minute klaarkom.

Die ouers, kinders en die volwasse lid moet saam besluit oor watter tyd vir hulle span die geskikste is. Sommige kommando's het vasgestelde ure. Maak seker dat dit almal wat wil kans gee om Voortrekkers te wees. ‘n Ouervergadering is vir hierdie punte die aangewese plek aan die begin van die jaar.

Wees beslis oor die feit dat jy as volwasse lid die ouers 'n guns doen om die span te neem, en daarom moet ouers liefs nie op JOU Voortrekkertyd enige ander afsprake maak nie, want JY hou NIE Voortrekkers in hul huisgesin se Kersvakansie NIE!

Die spantyd moet nie 'n ultimatum wees nie en as daar botsings met ander aktiwiteite is, moet daar verkieslik onderhandel word met die ander aktiwiteit, sodat die kind by beide sal kan uitkom.

Daar is alternatiewe metodes oor spantyd waar spanne byvoorbeeld in plattelandse gemeenskappe eerder vir 'n hele Saterdag bymekaarkom en so hul werk afhandel. Die volwasse lid se voorbereiding hier moet baie meer deeglik wees, sodat ons nie kinders se tyd mors nie.

Wees plooibaar vir die gedagte dat dae uitgeruil kan word, bv. waar spantyd op Vrydag is en die skool het dan aandatletiek, dan kom ons die Saterdagoggend bymekaar. Die een hand was, maar die ander hand.

4.1.2 AANTREE EN APPÉL

Hierdie voorskrifte kom voor in die paradewerkreglement en kan as hulpmiddel dien vir P/D-spanne waar daar gesukkel word met dissipline aan die begin van die vergadering. Dit verseker dat die spanbyeenkoms van hieraf aan ordelik sal verloop.

4.1.3 OPENING

Die opening kan verskeie vorme aanneem, groepsgebed, skriflesing, voorsang, aflê van die onderskeie P/D- of Verkennerbeloftes. Die belangrike element hiervan is dat elke spanlid daarvoor verantwoordelikheid moet neem op die een of ander stadium. ‘n Funksionaris van die span (kom ons noem hom die skriba) kan aangewys word om 'n openingsrooster vir die jaar uit te werk en die opvolgwerk daar rondom te doen.

4.1.4 STANDPUNTE

Kinders hou van gesels en ons verstaan dit soms nie. Wanneer die "amen" uitgespreek is, dan begin ons probleme ontwikkel met dissipline binne die span. Hoekom? Want die span het jou 'n week gelede laas gesien, hulle wil vertel wat het gebeur die afgelope tyd. Iewers uit hierdie gesprek gaan jy agterkom dat hulle antwoorde soek op sekere tergende vrae van die lewe, soos "iemand het iemand se toebroodjies gesteel", hierdie is 'n geleentheid om 'n standpunt te stel oor die lewe.

Elke keer as 'n spanlid huiswaarts keer, moes hy naas die Voortrekkerkennis ook een lewens-waarheid huistoe geneem het, hier is jou kans. Senior spanne begin hier alreeds agterkom wat aangaan en dan gebruik hulle hierdie kans om hulle lewensstyl te toets teen die van joune, dis 'n wonderlike geleentheid om nou van jou span ware wenners te maak.

Hierdie deel behoort nie meer as 10 minute van jou spantyd in beslag te neem nie, maar dis 'n goeie belegging.

Vanaf graad 1 moet ons al met die kinders praat oor sake van die dag as deel van standpunte en as deel van hul Verkennerwerk onder "Wêreld om ons". Dit help die kinders met baie van hul leierskapsontwikkeling waar die lei van groepsgesprekke nodig is. Hierdie deel van jou span-byeenkoms moet op deurlopende basis plaasvind.

4.1.5 IN

Kinders het die gewoonte om papiervliegtuigies te vou van enige kampvorm. Gee nou een van die funksionarisse (bv. die adjunkspanleier) die geleentheid om alle papiere wat van die huis moes kom in te neem en aan jou te besorg in die regte volgorde en formaat. Dit leer ook die span selfwerksaamheid en samewerking.

4.1.6 HOOFSAAK

Dit is hoekom ons vandag dan hier bymekaar is.

Die hoofsaak is die saak wat op die spanjaarprogram aangedui is as die aktiwiteit van die dag. Graadwielwerk, S.O.-werk of selfs voorbereidings vir die een of ander geleentheid kan nou konstruktief hier plaasvind. Die span moet hier geleentheid gegee word om insette te lewer of om selfwerksaam te raak met die uitvoering van die pligte om 'n sekere projek te laat gestalte kry.

4.1.6.1 Die Verantwoordelikheid van die Volwasse lid met ‘n span

Besin vooraf wat die aanbiedingsmetode gaan wees om die hoofsaak met trefkrag aan te bied.
Verkry vooraf die hulpmiddels en stel vroegtydig 'n materiaallys saam oor die nodige goed om aan te koop.

Maak sommer vandag die beginselbesluit dat jy altyd 'n Voortrekkergesinde-persoon gaan kry om vir jou en namens jou die Hoofsaak aan te bied. Kinders hou van nuwe gesigte en ons moet erken dat almal van ons nie meestersgrade in Voortrekkers het nie, en daarom moet ons gaan aanklop vir hulp in ons aanbiedings. Dit is net 'n dom volwasse lid wat homself doodwerk - laat ander ouens dit eerder doen.

Deur van die bogenoemde hulp gebruik te maak, hoef die volwasse lid nie altyd by 'n spanbyeen-koms te wees nie, maar kan selfs sy heemraad vra om in te staan en toe te sien dat die orde en dissipline gehandhaaf word wanneer die kenner sy aanbieding doen.

4.1.7 BYSAAK

Somtyds maak die hoofsaak vroeër klaar as beplan en dan moet ons hierdie tyd gebruik om beplanning te doen vir komende funksies. Of ons kan selfs deegmannetjies bak om vir ma te wys wat ons vandag gedoen het. Daar moet ook 'n speletjie gespeel word om te evalueer of die lede wel aandag gegee het gedurende die spanbyeenkoms. Leer ook 'n liedjie (sien die onderskeie CD's) om sodoende te verseker dat die kinders nie die inhoud van die hoofsaak sal vergeet nie.

4.1.8 AANKONDIGINGS

So 5 minute voor die verstryking van die spantyd kan die aankondigings vir volgende week gemaak word. Deel ook nou die papierwerk uit wat volgende week weer moet terugkom.

4.1.9 OPDRAGTE AAN DIE SPANLEIER

In die teenwoordigheid van die span, word die opdragte aan die spanleier gegee vir die komende week. Hoekom? Sodat hy nie verskoning het dat hy nie sy werk gedoen het nie, want daar is 'n klomp ander getuies. Kinders kyk na mekaar se belange, hulle sal weldra die spanleier deur die week herinner daaraan om sy werk te doen, want anders raas die volwasse lid en ons wil nie hê dit moet gebeur nie.

4.1.10 AFSLUITING EN VERDAAG

Die afsluiting kan op enige manier plaasvind soos die span dit mettertyd verkies. Maak iemand ook hiervoor verantwoordelik om die aksie te koördineer.

4.1.11 WAT MOET ONS NIE VERGEET NIE?

Moet nooit voor die tyd klaarmaak met 'n spanbyeenkoms nie. Die rede: die ouer wat vandag toevallig 15 minute voor die tyd kom wag het, en julle was toe klaar, gaan volgende week 15 minute voor die tyd die toeter druk omrede "julle elke week dan vroeg klaarmaak". Gebruik dus jou bysaak om ouers te kondisioneer dat spantyd soos beloof altyd op tyd sal klaarmaak. Die opstel van jou lesplan moet in oorleg met die SPANPLAN se riglyne plaasvind om te verseker dat jy te alle tye voorbereid na 'n spanvergadering gaan.

4.2 WAAROM IS 'N SPANJAARPROGRAM BELANGRIK ?

'n Spanjaarprogram se doel is om die jaar se bedrywighede te orden, op rekord te stel en om te dien as rigtingwyser vir die jaar se bedrywighede. Aan die einde van die jaar kan jy en die span kontroleer of die span hulle doelwitte bereik het. Ouers weet wat, waar en wanneer dinge gaan plaasvind.

Die spanjaarplan moet die volgende insluit en moet aandui wanneer en waar dit plaasvind en watter spanlede verantwoordelik is vir die item op die program:

- Gebieds-, Oord- en Kommandodatums wat van toepassing is op die span. Kampdatums is veral van belang.
- Spankampe en spanuitstappies.
- Loslitdae.
- Graadwielwerk.
- Spesiale onderskeidingstekens.

Die spanjaarprogram is 'n lewende dokument en sal gereeld aangepas moet word.

Alle spanlede moet betrokke wees by die opstel van die plan. Nadat almal insette gelewer het moet konsensus oor die finale plan bereik word. Ouers lewer ook insette veral waar dit kom by uit-stappies en toere. As almal verbind is tot die plan word dit "ons plan" waarvolgens daar gewerk word.

Hou binne die eerste twee weke van die jaar met die ouers 'n sosiale geleentheid en bespreek dan die spanjaarprogram met hulle. Finansies en die verkryging van fondse word ook bespreek. Wen die goeie gesindheid van die ouers vir julle program. Gee aan elke kind twee spanjaarprogramme. Een plak hy aan die binnekant van sy klerekas die ander kom waar die ouers dit kan sien. lndien dit vir jou span werk sit dit op e-pos. Dink interessante name vir bedrywighede uit, bv. "geleentheid vir spoedvrate". Dit dra daartoe by dat spanlede uitsien na die geleentheid.

4.3 IS EVALUERING NODIG? HOE GEBRUIK EK DIE RESULTATE?

- As jy nie evalueer nie sal jy nie weet of jou span hulle doelwitte bereik het nie.
- Dit veronderstel natuurlik dat jou span doelwitte vir hulleself moet stel.
- Evaluering beteken nie toetse of eksamens nie.
- Spel of praktiese werk is die beste manier om te evalueer. Laat die span ervaar dat dit wat hulle geleer het nuttig is. Laat hulle byvoorbeeld ‘n onthaal hou as die kroon op die S.O.-kenteken, Onthaalkuns of hulle kennis van Radiospraak gebruik op 'n nagmars.
- Reël met jou veldkornet om die ouers van spanlede as toetspersoon te gebruik. Vra 'n ouer saam op 'n staptoer waar die Voetslaner-kenteken verwerf word en laat hom bepaal of die vereistes nagekom is.
- Gebruik die resultate van evaluering om te bepaal hoe suksesvol jou aanbieding van die werk was. lndien jy nie tevrede is nie, moet jy dit op 'n ander manier herhaal.
- Kinders vind spel aangenaam en natuurlik. Deur spel te gebruik as evalueringsmetode haal dit die vrees vir mislukking daaruit.
- Kweek by jou span 'n spanetiek. Hulle moet trots wees daarop dat hulle werk van hoogstaande gehalte is. Laat hulle self norme vasstel om te bepaal of hulle goeie werk doen. Algaande word hulle baie streng op hulleself.
- Elkeen in die span het nie ewe veel talente nie. Elkeen kan egter sy bes doen.
- Die toekenning van spesiale onderskeidingskentekens en graadwiele berus by die kommando-bestuur. Waak daarteen om kentekens en graadwielwerk af te rammel.

5 ADDISIONELE AKTIWITEITE

5.1 WAT IS DIE WAARDE VAN SPANUITSTAPPIES EN SPANKAMPE EN HOE BEPLAN EK DIT ?

Uit kinders se oogpunt is die belangrikste rede waarom hulle by *Die Voortrekkers* aansluit avontuur en opwinding. Later in hulle loopbane besef hulle wel dat hulle veel meer ontvang het. Uitstappies en spankampe is die manier om opwinding en avontuur aan hulle te bied. Avontuur en opwinding is natuurlik nie die enigste doelwitte van spankampe nie. Tydens spankampe word spangees en samehorigheid gekweek. Uitstappies en kampe kan ook vir spesifieke doelwitte aangepak word soos om graadwielwerk en spesiale onderskeidingskentekens af te handel.

Die aanbeveling van die hoofbestuur van *Die Voortrekkers* is dan ook dat elke span minstens twee spankampe per jaar behoort te hê. Hou die volgende in gedagte by die beplanning van 'n spankamp of uitstappie:

- Soos met meeste ander dinge is goeie beplanning die sleutel tot sukses.
- Betrek spanlede, ouers en ander funksionarisse by die beplanning.
- Die spanoffisier kan nie ‘n deskundige op alle terreine wees nie, maak gebruik van ander kundiges en selfs persone buite *Die Voortrekkers*.
- Die kommandodagbestuur moet toestemming gee en moet volle besonderhede van die kamp hê. In 'n noodgeval moet hulle weet waar of hoe om julle te kan bereik.
- Onthou jy as volwasse lid bly verantwoordelik vir die kinders, ongeag van wat op 'n vrywaringsvormpie mag staan.
- Voortrekkerdoelwitte moet bereik word, anders was jou moeite nutteloos.
- Hou die kostes so laag moontlik, maar onthou dat ouers oor die algemeen bereid is om te betaal vir iets wat die moeite werd is.

Maak seker die volgende is gereël:

- Toestemming van kommandobestuur
- Vertrek en terugkeertye
- Verblyf
- Noodhulp - (asma, suikersiekte, ens. by spanlede?)
- Vervoer
- Noodplan en kommunikasie
- Toestemming van die grondeienaar
- Kleredrag
- Toerusting, bv. slaapsakke, tent, gasstofie, graaf, ketel, vuurhoutjies, byl, tou, ens.
- Hulpmiddels vir aanbied van graadwiel- of kentenwerk
- Reëlings met persone wat help
- Kos - beplan spyskaart vooraf
- Begroting
- Kontant vir toegangsgelde, ens.

Wees oorspronklik en kreatief. Deur die jare het Voortrekkerspanne onvergeetlike spankampe, uitstappies en toere beleef. Gee gerus vrye teuels aan jou en jou spanlede se verbeelding. Hieronder is 'n paar voorbeelde net om julle gedagtes aan die gang te kry, vul gerus die lys aan:

- Stadskamp
- Seekamp
- Veldkamp
- Vlotkamp

- Snorkelduik
- Skuba duik
- Naweek in bome
- Visvangkamp
- Oorlewingskamp
- Geskiedkundige toer
- Fietstoer
- Fondsinsamelingstaptog
- Valskermnaweek
- Bergklim
- Voetslaan
- Kamp op seiljag op die see
- Vier-provinsies-in-een-naweek-toer
- Botswana, Namibie, Okavango, Malawi, Sani Pas, Kosi Baai

5.2 WATTER ROL MOET SPELETJIES SPEEL IN VOORTREKKER-WERK?

Die kind speel graag. Gebruik dit effektief in Voortrekkerwerk. Die kind leer en ontwikkel terwyl hy dit geniet en dit bou goeie spangees. Dit maak Voortrekkers lekker. ‘n Volwasse lid wat sy kreatiewe potensiaal ten volle benut kan feitlik alle aspekte van Voortrekkerwerk deur spel aanbied en/of afwissel. Gebruik dit ook vir die volgende:

- As ysbreker om die span se aandag te vestig op die dag se program.
- As ontlonter wanneer daar onaangenaamheid binne die span ontstaan.
- Om kreatiwiteit te stimuleer, bv. breingimnastiekspeletjies.
- As aanknopingspunt by die volgende onderwerp.
- As vaste deel van P/D's se dagprogram.
- Om graadwielwerk in te oefen of te toets.
- Om ‘n gesonde kompetisiegees tussen spanne te bou.
- Om woelige spanne se aandag te behou.

‘n Verskeidenheid bekende speletjies kan gebruik word of aangepas word om Voortrekkerwerk interessant te maak. Afwisselling is belangrik.

Tradisionele speletjies is deel van ons kultuurerfenis.

***Groepspele*:** Blikaspaai, Boompieverplant, Krappe en Kraaie, Derdemannetjie, Vroteier en Kat en Muis. ‘n Voorbeeld om hierdie speletjies aan te pas om speel-speel te leer, is om blikborddraai te koppel aan die Voortrekkerkode. Wanneer nommer drie byvoorbeeld die bord moet vang moet hy die derde kode noem voordat hy weer die blikbord kan draai. So hoor die span al spelende verskeie kere die kode en sonder dat hulle dit besef word dit weer by hulle ingeprent.

Voorwerpspeletjies: Giffie, Kennetjie, Aartappelresies en Sakresies.

***Kragkompetisies*:** Seuns hou hiervan. Skilpadtrek, Toutrek, Stoktrek en Hakke-Krukke.

***Boeresportspeletjies*:** Driebeenresies, Naald en Gare, Eier en Lepel.

***Voortrekkerspeletjies*:** Knoopkrieket, Knoopvroteier, Geblindoekte Dril, Waterkook-Kompetisie en Noodhulpaflos.

Gesellige speletjies: Warmpatat, Lemoen aangee en Soek die Fluitjie

Maak gebruik van kommersiële speletjies se idees, bv. Slangetjies en Leertjies om die kode te leer, "Snap " (maak kaarte met die rangkentekens), "Trivial Persuit" (met vrae wat uit die graadwielwerk kom), Legkaarte vir die bou van die Voortrekkerwapen vlae en landswapen.

Pas bekende speletjies aan vir ‘n Verkennerspan: ‘n skattejag kan gereël word waarin kennis uit ‘n S.O.-kenteken gebruik word. Hulle gebruik terselfdertyd hulle kennis van kaartwerk om die pad te vind. Met die "skatte" wat gevind word hou hulle agterna ‘n heerlike hamburgerbraai. Vir Verkennerspanne kan die volgende idee gebruik word: sny stukke uit koerantartikels wat die jeuglid sal interesseer en plak dit op blaaibordpapier. Stel vrae op oor die artikels. Spanlede soek die antwoorde in die artikels. Daarna volg ‘n interessante bespreking of debat oor die onderwerp (bv. wedstrydknoeiery in sport). Dit kan weer lei tot ‘n bespreking oor die doelstellings en hoe om jou keuses te maak op grond van jou oortuigings. Met een speletjie het jy hulle kennis van sake van die dag verbeter en hulle laat stoei met die Voortrekkerdoelstellings. Tydens die spanvergadering het hulle sommer baie geleer.

Deel jou span in twee en laat hulle ‘n kampterrein op papier beplan. Daarna moet hulle ‘n miniatuur kampterrein bou (2 meter x 2 meter). Hulle gebruik afvalmateriaal uit die omgewing soos bv. sand, takke, blare, plastiek, papier en blik. Die twee spanne moet mekaar se kampterrein beoordeel op grond van die voorskrifte oor kampering in die graadwielwerk. Die span geniet dit baie en leer speel speel die teorie toepas.

Gee aan verkenners die opdrag om binne tien minute ‘n uitstappie vir hulle span na ‘n avontuurlike plek te beplan. Neem die proses op video of band op. Laat hulle na die video kyk en self bepaal in watter mate hulle beplanning geslaagd was en waar die leemtes is. Gee nou weer ‘n opdrag en neem dit weer op. Kyk saam met die span of hulle uit die eerste poging geleer het.

‘n Gesonde kompetisiedag tussen spanne kan ook as spel gesien word. Kombineer sang, spel en musiek, bv. by makkerhulp kan die liedjie "Wat maak jy met ‘n snywond?" gebruik word terwyl ‘n kamma-noodsituasie gerolspel word.

Maak seker dat die speletjie by die ouderdom van die spanlede pas. Daar is ‘n speletjie vir elke ouderdom, ja selfs vir volwasse lede!

5.3 WATTER ROL MOET SANG SPEEL?

Daar is min dinge wat so tot 'n mens se siel spreek as ‘n groep senior Verkenners wat gewyde liedjies om 'n kampvuur sing.

Sang is van onskatbare waarde om:

- Gees te bou
- Atmosfeer te skep
- Samehorigheid en kameraadskap te bevorder
- Gebondenheid, volkstrots en patriotisme aan te wakker
- Voortrekkertradisies te skep en te bewaar
- Kennis oor te dra

Sang moet lekker wees, om kinders te probeer dwing om te sing is totaal teenproduktief.

- Sang moet aanpas by die ouderdom.
- Sang moet by die geleentheid pas.
- Kinders geniet sang met beweging en speletjies.
- Kinders hou van kompetisie, - wie ken die meeste liedjies, die beste liedjie vir die geleentheid, die snaakste liedjie, wie kan die langste met een asem sing, die hoogste/laagste, ens.

- Reël 'n "Noot vir Noot" kompetisie tussen 'n paar spanne.
- Sing met begeleiding, kitaar, klawerbord, eie spanorkes.

Wat sing ons?
- Voortrekkerliedjies
- Volksliedjies
- Moderne Afrikaanse liedjies
- Self gekomponeerde liedjies, bv. spanlied, kamplied
- Godsdienstige liedjies, Jeugsangbundels, Psalms, Gesange, ens.
- 'n Bietjie Zulu, Sotho, Duits, Engels?

Hulpmiddels wat beskikbaar is:
*Die Voortrekkers*angbundels: Voortrekkers Sing en Kom Sing Saam asook CD's met die liedjies en musiek is by die Voortrekkerdepot beskikbaar. Woon gerus die Sang en Spele kursus by wanneer dit aangebied word. Ander sangbundels soos die F.A.K. sangbundel, kerk- en jeugsangbundels is handig om te gebruik.

5.4 HOE DOEN EK PARADEWERK MET MY SPAN ?

'n Volwasse lid wat nie kennis dra van paradewerk nie is geneig om dit af te skeep. Maak gebruik van 'n volwasse lid wat vertroud is daarmee en leer saam met jou span. Paradewerk, indien behoorlik gedoen, ontwikkel saam met ander aspekte van Voortrekkerwerk, die volgende by jeuglede:
- Gesagsaanvaarding
- Selfdissipline
- Verantwoordelikheidsbesef
- Selfrespek
- Selfbeheersing
- 'n Netjiese houding
- Trots

Die paradewerkreglemente omskryf alle drilbewegings baie duidelik.
- Begin by spanaantree. Dit sluit al die bewegings in wat gedurende vlagparades gebruik word. 'n Woelige span wat met spanaantree begin word redelik maklik tot bedaring gebring.
- Konsentreer in hoofsaak op die volgende bewegings:
  - Aantree
  - Opbeur
  - Op die plek rus en aandag
  - Regs rig
  - Linksom, regsom en omkeer
  - Marsjeer en halt
  - Uittree
  - Wanneer jy 'n beweging demonstreer moet jy so staan dat jy in dieselfde rigting as die spanlede kyk.
  - Konsentreer op flinkheid en 'n regop en trotse houding. Moedig hulle aan om trots te wees op hulle paradewerk. 'n Swak en lustelose houding skep 'n swak beeld en is tot nadeel van *Die Voortrekkers*.
  - Wees ordelik en georganiseer.
  - Oefen alles flink in en maak jou spanlede trots op hulle paradewerk.

- Maak drilwerk lekker vir die jeuglede deur gebruik te maak van:
  - Sierdril of spogdril
  - Pretdril waar alle bewegings se laaste beweging agteruit is
  - Stildril waar die span voorafinge-oefende bewegings gebruik maak. Geen bevele word gegee nie.
  - Drilkompetisies tussen spanne ook met bogenoemde tipe drilaksies.
  - Speel "Oom Sarel sê". Die spanleier gee bevele, maar slegs die bevele wat voorafgegaan word met "Oom Sarel sê" mag uitgevoer word. Die wat verkeerd reageer is uit. Die wenner is die spanlid wat die langste reg reageer. Die bevele moet vinnig op mekaar volg.
  - Laat jou spanlede aanbied om die vlaghysing- en stryking te doen. Laat hulle dit goed inoefen, sodat hulle trots kan wees op hulle poging.
  - Maak gebruik van baie spanseremonies. Gebruik bewegings wat die span ken.

5.5 HOE REËL EK 'N NAGMARS ?

Bestee genoeg tyd aan beplanning. Minstens twee tot drie maal die tyd wat die nagmars duur is nodig. 'n Nagmars hoef nie 'n roetemars met 'n kompas te wees nie. Dit is lekkerder daarsonder.

Nagmarse vind plaas in die veld, op water en in stede.

5.5.1 Stel vooraf die volgende vas:

- Datum, aanvangstyd en tyd wanneer die nagmars afgehandel moet wees.
- Terrein waarop die nagmars gaan plaasvind
- Hoeveel neem deel en hoe oud is die kinders. Verkieslik moet 'n span wat deelneem nie tien lede oorskry nie. Hoeveel spanne deelneem.
- Hoeveel persone is beskikbaar om te help.
- Watter apparaat tot jou beskikking gaan wees.
- Watter noodhulp en noodhelper beskikbaar sal wees.

5.5.2 Beplan eers voorlopig:

- Op hierdie stadium beplan 'n mens net die hooftrekke. Moenie in detail vasval nie.
- Gebruik 'n dinkskrum om 'n kreatiewe tema te kies. Dit kan bepaal of jou nagmars suksesvol is.
- Bepaal by benadering die roete wat die nagmars gaan volg.
- Bepaal hoeveel punte aangedoen moet word en watter kreatiewe opdragte op die punte gegee gaan word.
- Indien die terrein moeilik of gevaarlik is bepaal waar daar tussen punte beheer uitgeoefen moet word.

5.5.3 Verken die terrein

- Verken in daglig, maar onthou dat dinge wat bedags as bakens dien saans onsigbaar kan wees. Dit neem langer in die nag.
- Opdragte op die verskillende punte moet omtrent ewe moeilik wees en ewe lank neem. indien dit te veel verskil veroorsaak dit oponthoud.
- Stel vas of die kommunikasiemiddels (radio, selfoon, ligte) wat jy gaan gebruik, vanaf die punte met mekaar in verbinding kan kom.
- Stel vas waar die beste plek is om noodhelpers te plaas.

5.5.4 Finale beplanning

- Los probleme op wat tydens die terreinverkenning opgeduik het.
- Stel ‘n roetekaart op.
- Beplan punt vir punt. Die opdragte wat die spanne moet uitvoer, die apparaat wat benodig word, dinge wat die helpers op die punte benodig en hoe die tema gebruik gaan word om hulle na die volgende punt te lei.
- Kontroleer noodhulp en afvoerroetes.
- Gebruik moderne kommunikasiemiddels (moenie vergeet om mekaar se selfoonnommers te verkry nie.)

5.5.5 Hoofkwartier funksie

- Na die beplanning afgehandel is, moet ‘n byeenkoms gehou word en almal wat gaan help, moet ingelig word en van die nodige apparaat, ens. voorsien word.
- Vergesel die helpers na hulle punte. Lig hulle in oor hoeveel groepe deelneem. Laat hulle weet wanneer die nagmars verby is, sodat hulle kan terugkeer na die basis.
- Stuur groepe wat die nagmars loop op voorafgestelde tussenpouses af. Vertel aan hulle die "storie" van die nagmars en skep sodoende verwagtings by hulle.
- Hou kontak met verskillende punte en poog om probleme te ondervang.
- Ontvang terugkerende groepe. Gee geleentheid vir terugvoering. Verskaf verversings.
- Ontvang helpers wat op punte diens gedoen het. Vra terugvoering van hulle. Bedank hulle. Kry apparaat terug. Gee aan hulle verversings.

5.5.6 Evaluering

Die organiseerders evalueer na afloop van die Nagmars. Gebruik dit om volgende keer ‘n beter nagmars te hou

ONTHOU: ‘n Nagmars moet lekker wees!

5.6 WATTER ROL SPEEL SEREMONIES IN *DIE VOORTREKKERS* ?

Voortrekkerwees sluit etlike seremonies in. Dit is 'n besondere wyse van 'n emosiebelaaide boodskap oordra aan ander persone.

Seremonies skep 'n besondere atmosfeer wat die jeuglid gevoelig en vatbaar maak vir die dieper ideale van *Die Voortrekkers*.

'n Seremonie moet stylvol, kern en treffend wees. Dit moet 'n sekere atmosfeer skep, bv. lighartig, gewyd, hartseer, trots, eerbied, ens.

Die Voortrekkers het 'n basiese vereistes wat as riglyn dien. Bied die seremonie ook kreatief en in 'n moderne idioom aan. Maak gebruik van moderne tegnologie en musiek en klank, sodat die regte trefkrag geskep word. *Die Voortrekkers* kan bemark word met treffende en stylvolle seremonies. Daar is 'n seremoniehandleiding beskikbaar by die Voortrekkerdepot. Dit staan egter 'n volwasse lid vry om self 'n kreatiewe seremonie te ontwerp solank dit by die geleentheid pas. ‘n Kursus in seremonies word ook aangebied.

Hier is 'n paar seremonies wat gebruik kan word :

- Spaninlywing
- lnlywing as Voortrekker
- Fakkelseremonies
- Erkenningseremonies

- Ingebruikneming van kommandolokale of spankamers
- Kampvuurseremonies
- Kerkparades
- Kransleggings
- Kultuurseremonies
- Oorgangseremonies
- Toekenningseremonies
- Oorvliegseremonies
- Vlagseremonies

Seremonies is 'n moet en 'n lekkerkry in elke Voortrekker se lewe.

5.6.1 HOE NOODSAAKLIK IS SPANSEREMONIES ?

Dit is absoluut noodsaaklik vir die bou van spangees en spansement. Spanseremonies maak spanaktiwiteite baie spesiaal. Die spanlede onthou dit lewenslank. Dit laat hulle keer op keer terugkom Voortrekkers toe.

Die seremonie moet baie kreatief wees. Laat spanlede toe om self seremonies te skep. ' n Mens kan bykans van alle geleenthede seremonies maak, voorbeelde hiervan is:

- Spaninlywing
- Spanafsluiting
- Serenade (seunsspan sing vir dogterspan)
- Briefskryfseremonie
- Spankontrak sluit
- Spanverjaardag
- Verjaardae en gelukwensing met prestasies
- Afskeid van lede wat die span verlaat
- Bedanking van ouers, skoolhoofde en kommandoleiers
- Inhuldiging van nuwe spanlede
- Inwyding van spandrag, embleem, spanlied

5.6.2 WAT DOEN EK MET MY AANDPROGRAM BY 'N SPANKAMP ?

Daar is niks so lekker vir 'n senior Verkenner as om rustig om 'n vuur te sit en gesels nie. Maar, o wee, dit sal 'n Penkop of Drawwertjie uiters frustreer. Kyk altyd na die span se ouderdom, grootte en die tyd wat beskikbaar is alvorens jy op 'n aandprogram besluit. Hier volg 'n paar gedagtes:

- Nagmars met 'n tema.
- Flitsmars
- Skattejag
- Verdeel in twee groepe en vat mekaar aan.
- Sterrebeelde uitwys
- Stap oor 'n geskiedkundige terrein en vertel die storie agter die storie
- Sing met kitaar. Leer nuwe liedjies. Sing moderne Afrikaanse liedjies
- Sing lekker lawwe aksieliedjies
- Hou 'n spontane konsert
- Laat hulle 'n item beplan en opvoer
- Gee 'n tema en laat hulle 'n item daarvolgens beplan
- Gee 'n grappie of kern gediggie en vra 'n item daarvolgens
- Stomstreke met Afrikaanse idiome

- Verwerk 'n TV –speletjie
- Breinboelie of breingimnastiek
- Praat met senior spanne oor ernstige onderwerpe
- Noot vir Noot met Afrikaanse liedjies asook geestelike liedere
- Stomstreke met Bybelverhale

Sluit die aand af met huisgodsdiens rondom die vuur.

Die aanpak van 'n kampvuur, die plegtige aansteek daarvan (gebruik 'n spanseremonie) en die kuier saam met Voortrekkervriende rondom die vuur, is steeds een van die lekkerste aktiwiteite wat jeuglede en volwassenes sal bybly.

5.7 WAT MOET EK WEET VAN VOORSLAG PENKOP EN DRAW-WERTJIE VOORBEREIDING ?

As die span elke jaar se graadwielwerk deeglik doen is dit nie nodig om vreeslik te leer voor die toetsing nie. Maak seker dat jy vroeg in die spanlid se loopbaan seker maak dat jy op hoogte is met die nuutste vereistes vir Voorslag P/D. Die graad 7 handboek bevat al die vereistes.

Maak vroegtydig planne om jou spanlid die nodige gebiedskampe en gebiedsgoedgekeurde aktiwiteite te laat bywoon. Moet nie tot in graad 6 daarmee uitstel nie. Hou afskrifte van die sertifikate.

Stel vas watter spesiale onderskeidingskentekens afgehandel moet word en begin so gou as moontlik daarmee.

Maak seker dat jou graad 7 werk teen Junie afgehandel is.

Doen hersiening op ‘n deurlopende grondslag en gebruik interessante en stimulerende maniere om die werk weer nuut aan te bied.

Skryf betyds op die voorgeskrewe inskrywingsvorm in.

Ontspan en geniet jou span.

5.8 IS DAAR VOORTREKKERS NA DIE VOORSLAG PENKOP EN DRAWWERTJIE TOEKENNING ?

Alhoewel Voorslag PD vir elke Primêre leerder die hoogtepunt is, is dit basies net die begin van ‘n baie opwindende Verkennerloopbaan wat voorlê. Ons grootste probleem is dat kinders nie bind met Verkenners nie, hulle is op ‘n baie moeilike stadium van hul lewe - byna alles kom vir hul negatief voor en graad 8 is aanvanklik baie nuut, verwarrend en hul word toegegooi en oorlaai met nuwighede. Dit is veral die volwasse lid en die hele kommando se plig om hul aan die hand te neem en hul oor hierdie moeilike stadium te lei.

Die volgende aspekte is goeie redes waarom hul moet aanbly en nie nou tou opgooi nie:

- Die begin van baie lekker en opwindende verkennerlewe.
- Hou ‘n lekker spankamp, waar spansement opnuut gebruik word, bind hul dus weer opnuut aan mekaar en aan *Die Voortrekkers*.
- Lig spanlede in rondom die verkennerlewe, gebiedskampe en verkenneruitstappies.
- Lig spanlede breedvoerig in rondom die groot verskeidenheid spesiale onderskeidingskentekens vir verkenners en pak sommer gou ‘n interessante een aan, selfs nog voordat jy begin met graadwielwerk.
- Hou ‘n uitstappie saam met verkenners.

- Laat verkenners 'n treffende oorvliegseremonie vir graad 7 lede hou, waar hul hulself verbind aan die verkennerloopbaan.
- Doen opvolgaksies om graad 8 leerlinge aan die begin van die nuwe skooljaar aan die hand te neem en na *Die Voortrekkers* te bring.
- Sorg dat daar 'n Verkenner mentor (verkieslik graad 11) vir elke spanlid is, wat as voog oor hom optree in die Hoërskool.
- Die graad 8 volwasse lid moet die heel beste volwasse lid van die kommando wees, wat graad 8 kinders se behoeftes ken en verstaan. Verkieslik hul graad 7 volwasse lid anders moet hul reeds bind met hul nuwe volwasse lid in graad 7.
- Doen opwindende aktuele aktiwiteite, sodat hul moreel verplig voel om nooit een spanbyeenkoms a.g.v.druk van buite oorslaan nie.

Baie sterkte vir die grootste uitdaging as volwasse lid.

5.9 WAT MOET EK DOEN OM VERKENNERS VOOR TE BEREI VIR HOOFLEIERSWAG EN PRESIDENTVERKENNER ?

- Die verkenner se hele Voortrekkerloopbaan dien as voorbereiding.
- Die grondslag word gelê deur goeie opleiding tydens die P/D-jare.
- Die Verkenner moet in graad 8 seker maak dat hy op hoogte is met die nuutste vereistes.
- Verkenneroffisiere kan vanaf die span se graad 8 jaar werkswinkels bywoon waar hy geskool sal word.
- Sorg dat die spanlede die nodige gebiedskampe bywoon. Moedig hulle aan om meer as die minimum vereiste te doen. Elke kamp is van onskatbare waarde in hulle voorbereiding.
- Verseker dat die benodigde aantal spesiale onderskeidingskentekens deeglik gedoen word. Doen meer as die minimum.
- Doen van die begin af die graadwielwerk deeglik, dan is 'n laaste minuut leerdery onnodig.
- Onthou ons berei die jeuglid voor vir die lewe en nie net om mylpale in *Die Voortrekkers* te bereik nie.
- Laat hulle hulle standpunte voortdurend toets aan die ABC en die doelstellings van *Die Voortrekkers*.
- Leer hulle nie net *Hoe* en *Wat* nie, maar ook *Hoekom*.
- Moedig hulle aan om standpunte in te neem rondom sake van die dag. Gee hulle geleentheid om daaroor te praat en te redeneer.
- Gee van jongs af geleentheid vir elke spanlid om in die openbaar op te tree.
- Berei hom deeglik voor en evalueer agterna saam met hom sy optrede, sodat hy die volgende keer met meer selfvertroue kan optree.
- Laat hulle toesprake voorberei en voor hulle maats lewer.
- Laat hulle mekaar se take en projekte evalueer.
- Maak gebruik van al die geleenthede wat *Die Voortrekkers* bied om die leierskapsvaardighede van spanlede te ontwikkel.
- Sorg dat hulle aan die einde van hulle graad 11 jaar al die werk deeglik onder die knie het. Die projek en taak moet kant en klaar afgehandel wees.
- Gebruik die graad 12 jaar net vir afronding, maar waak teen afrigting.
- Toets die Baasverkenner werk (gr 11) deeglik. Maak van kundige volwasse lede gebruik.
- Stel 'n vraestel op wat al die werk dek. Vra ook vrae waar hulle insig en standpunte getoets word. Bespreek agterna hulle antwoordstelle met hulle.
- Maak gebruik van kundige persone om jou insette aan te vul.

6 KOMMANDO AKTIWITEITE

6.1 WAT IS MY SPAN SE ROL IN DIE UITBOU VAN ONS KOMMANDO ?

- Die span is 'n wesentlike deel van die kommando.
- Die span is dus medeverantwoordelik vir die uitbou van die kommando.
- Die span moet oral en altyd optree soos ware ambassadeurs.
- Die spanlede moet voortdurend vertel van die lekker van Voortrekkerwees.
- Nooi ander kinders saam wanneer op kampe en uitstappies gegaan word.

6.2 IS ALLE SPANNE, KOMMANDO'S EN GEBIEDE EENDERS ?

Gelukkig nie. Almal verskil van mekaar, doen dinge op hulle eie unieke manier en verander gedurig. Dit is byvoorbeeld interessant om te sien hoe verskillende gebiede se manier van doen op gebiedskampe van mekaar verskil.

Verskillende kommando's, en gebiede kan baie van mekaar leer. Elkeen het ‘n eie kultuur. Tog is daar dinge wat ooreenstem soos die graadwielwerk, spesiale onderskeidingskentekens, jaar-programme, reglemente, ens.

As jy van een kommando na ‘n ander of van een gebied na ‘n ander verhuis mag dit ‘n tydjie neem om aan die nuwe manier van doen gewoond te raak. Stel jouself oop vir nuwe idees en maak gebruik van dit wat jy geleer het.

Voortrekkers is soos familie, ons mag dalk van mekaar verskil, maar daar is ‘n band wat ons almal bind.

ISBN 1-874993-72-6 2003-04 GEBIEDSAKTIWITEITE

7 GEBIEDSAKTIWITEITE

7.1 HOEKOM MOET MY SPANLEDE GEBIEDSKAMPE BYWOON ?

Gebiedskampe is sekerlik een van die belangrikste aktiwiteite op die Voortrekkerjaarprogram. Daar word jaarliks verskeie gebiedskampe reg oor die land gehou. Lede kan ‘n groot verskeidenheid kampe op verskillende tye van die jaar bywoon. Dit staan enige lid van *Die Voortrekkers* vry om met toestemming van die gebiedskantoor na enige kamp te gaan (geskikte ouderdomsgroep in ag geneem). Die tydsduur van die kampe wissel ongeveer tussen 5 en 6 dae.

Sekere kampe is spesialiskampe soos bv. veldwerkkampe of seekampe. Gewoonlik word S.O.-ken-tekenwerk op hierdie kampe gedoen. Die jeuglid kom op gebiedskampe met die groter prentjie van *Die Voortrekkers* in aanraking. Hy kry baie meer blootstelling aan mense met verskillende bekwaamhede as by sy eie kommando. Dit is wenslik dat ‘n jeuglid sal poog om elke jaar ‘n gebiedskampe of selfs twee by te woon. Die volgende aspekte word onder meer op gebiedskampe aangespreek:

- Persoonlike interaksie met ander persone.
- Lekker avontuur.
- Kennis.
- Vaardighede.
- Uitleef van Christenskap.
- Afrikanerskap en Burgerskap.
- Selfkennis.
- Hegte vriendskapsbande wat lewenslank hou, word gebou.
- Geborgenheid met mede-Afrikaners.
- Dissipline en selfdissipline.
- Gesagsaanvaarding.
- Eerbied vir meerdere.
- Funksionering en klein- en groot groepe.
- Sing, dans en speel.
- Uithouvermoë.
- Voortrekkerseremonies en parades.
- Leierskapsontwikkeling.
- ‘n Kind wat onopgemerk gaan by sy kommando, blom soms op ‘n gebiedskamp.
- Selfhandhawing.
- Aktuele sake word bespreek en die jeuglid raak bewus daarvan en leer om op hoogte van sake te bly. Bewuswording en nuuskierigheid word by hulle gekweek.
- Leer teleurstellings hanteer.
- Kweek gesonde verhoudings, ook met die teenoorgestelde geslag.

Om vir die toekenning Voorslag Drawwertjie en Voorslag Penkop asook Hoofleierswag en Presidentverkenner te kwalifiseer moet die jeuglid ‘n sekere hoeveelheid kampe bywoon (sien die vereistes vir die onderskeie toekennings). Voortrekkerkampe bied meer as gewone veldskole en avontuurkampe.

7.2 HOEKOM BEHOORT VOLWASSE LEDE GEBIEDSKAMPE BY TE WOON?

- ‘n Mens leer ongelooflik baie by ander volwasse lede.
- Kruisbestuiwing van idees vind plaas.
- Jou motivering vir Voortrekkerwerk kry weer ‘n hupstoot.

- Sinvolle ontspanning
- Informele opleiding
- Jy hoef nie kos te maak tensy jy in die kombuis werk nie.
- Jy leer jou mede-offsiere ken.
- Jy sluit hegte lewenslange vriendskapsbande
- ‘n Goedkoop manier van "vakansie" hou.
- Lekker avontuur
- Jou hele gesin kan saamgaan.
- Jou span geniet dit om jou op die kamp te sien.
- Jy deel ervarings met jou span en knoop die band met hulle hegter.
- As jy ‘n ander kamp bywoon as die waarop jou span is, kan julle nuttige inligting uitruil.

7.3 KAN VOLWASSE LEDE OPLEIDING IN ANDER GEBIEDE ONTVANG?

Alle volwasse lede van alle gebiede kan oor en weer opleiding ontvang. Die kursusaanbieder of kursusorganiseerder moet toesien dat die volwasse lid wel in sy gebied geregistreer is. Na voltooiing van die kursus moet die inligting aan die volwasse lid se gebiedskantoor gestuur word, sodat hulle die nodige diploma kan uitreik.

7.4 GEBIEDSKAMPE

Gebiedskampe word landswyd gehou gedurende die onderskeie skoolvakansies. Hieronder volg inligting i.v.m. die verskillende gebiedskampe, spesifiek watter kentekens vir watter graadgroepe aangebied word. Die kentekens mag van tyd tot tyd varieer. Inligting oor die onderskeie gebiedskampe kan by die gebiedskantore verkry word.

7.4.1 GEBIEDSKAMPE VAN DIE OOS-KAAP

NAAM VAN KAMP	DATUM	GR	KAMPINHOUD / SO'S
Boknes – Penkoppe en Drawwertjies	Jun/Jul	3 4 5 6 7	Junior Sang en Handwerk Noodhulp Paraatheid Spoorsny Voorslagtoetsing
Boknes – Verkenners	Mrt/Apr	7 8 9 10 11 12	Strandbewustheid Seekunde, Roeikunde Strandvernuf Voetslaner, Bewaring : Natuur en Kultuur Selfbehoud : See en Veld Keurgroepe : Kern- en Buitegroep

7.4.2 GEBIEDSKAMPE VAN DIE NOORD-KAAP

NAAM VAN KAMP	DATUM	GR	KAMPINHOUD / SO'S
Penkop en Drawwertjie	Oktober	1 2 3 4 5 6 7	Kind van Jesus, Kampkook Handwerk Fiksheid Plantstudie Spoorsny Waterbewustheid
Verkenner	September	7 8 9 10 11	Jag en Wildbeheer Veldstudie Veldvernuf/Kamplewe Ondernemerskap Selfbehoud

7.4.3 GEBIEDSKAMPE VAN DIE WES-KAAP

NAAM VAN KAMP	DATUM	GR	KAMPINHOUD / SO'S
SSBWW : Kleinmond	Sept/Okt	6	
PD-Interoord : Wemmershoek	Mrt/Apr	3 4 5 6 7	Spoorkennis Paraatheid Handwerk Noodhulp Groepspele Kampeerder Paradewerk Spoorsny Ekosorg Afrikanerkind
Gr 7 Kamp : Hawekwa (Wellington)	Sept/Okt	7	
Gr 8 Kamp : Wemmershoek (Paarl/Franschhoek)	Sept/Okt	8	
Gr 9 Kamp : Wemmershoek	Sept/Okt	9	Veldbewustheid
Gr 10 Kamp : Wemmershoek	Sept/Okt	10	Lewensvaardigheid
Gr 11 Kamp : Kunje (Sederberge)	Sept/Okt	11	
WinterWater/ Avontuur : Theewaterskloofdam, Villiersdorp	Jun/Jul	10 - 12	Roeikunde, Seilkuns

7.4.4 GEBIEDSKAMPE VAN NATAL

Natal funksioneer tans as 'n Oord van die Vrystaat. Totdat Natal se getalle so gegroei het dat hulle weer onafhanklik funksioneer, skakel hulle dus in by die gebiedskampe van die Vrystaat.

7.4.5 VRYSTAATSE GEBIEDSKAMPE

NAAM VAN KAMP	DATUM	GR	KAMPINHOUD / SO'S
Doornkamp	September	5	Omgewingskennis/Touwerk
Doornkamp	September	5 *	Omgewingskennis/Touwerk
Voorslagkamp	September	6	Operasie Murgpyp/Kettieskiet ens
Avontuurkamp	September	7	Avontuur!!
Ontdekkerskamp	Maart	8	Onthaalkuns/Nutsman
Kompetisiekamp	Maart	9	Veldstudie/Kamplewe
Leierskamp	Maart	10	Leierskapsontwikkeling
Veldkamp	Maart	11	Kampbeveiliging/Radiokommunikasie
Seniorkamp	Maart	12	Afronding en voorbereiding vir HW

* Let wel : Twee kampe vind plaas op dieselfde tyd op twee verskillende terreine van Doornkloof

7.4.6 TRANSVAALSE GEBIEDSKAMPE:PENKOPPE & DRAWWERTJIES

NAAM VAN KAMP	DATUM	GR	KAMPINHOUD / SO'S
Jakaranda	Maart/April	3 4 5 6 7	Handwerk/Fiksheid Plantwaarneming/Touwerk/Weerkennis, Beeldende Kunste/Paradewerk Kommunikasie/Spoorsny/Kultuurgoedere Medemens/Erfgrond
Venterskroon	September	3 4 5 6 7	Spoorkennis Fiksheid Handwerk Touwerk Kampeerder/Spoorsny
Sentraal	April	1 2 3 4 5 6 7	Junior Kok Veldkook Die Kok Waterfiksheid/Volkskennis: Groot Trek Roeikuns/Varswater Dierekennis Redding/Varswater Hengel Waterbewustheid/Erfgrond
Noordelike P/D Kamp	Maart	3 4 5 6 7	Plantwaarneming/Spoorkennis Handwerk Spoorsny/Kultuurgoedere Kommunikasie/Paradewerk Veldbewustheid
Hoëveld	April	3 4 5 6 7	Fiksheid , Spoorkennis Handwerk/Touwerk/Beeldende Kunste Weerkennis/Spoorsny Kommunikasie/Ekosorg Medemens/Veldbewustheid
Suikerbosrand	September	3 4 5	Kultuurgoedere Landsdiens Redding/Beeldende Kunste

NAAM VAN KAMP	DATUM	GR	KAMPINHOUD / SO'S
		6 7	Spoorsny/Kommunikasie/Ruiterkuns/ Ekosorg Verkenning,
Swartvlei Seekamp	Julie	3 4 5 6 7	See-Versamelkuns See-Plantwaarneming See-Dierekennis Redding/Kus-Ekosorg Strandbewustheid/Vleilande
Oewer Verkenningskamp	September	7	Avontuurkamp met die oog op Verkenner-loopbaan

7.4.7 TRANSVAALSE GEBIEDSKAMPE : VERKENNERS

NAAM	TYD	GR	KENTEKENS
Rhus Keeti Veldwerkkamp	April	Gr 8 Gr 9 Gr 10-11 Gr 10-11 Gr 10-11 Gr 10-11	Veldstudie Veldvernuf Kampbeveiliging Sterrekunde Veldjoernalistiek Ruiterkuns
Thaba Veldwerkkamp	April	Gr 8 Gr 9&10 Gr 9&10 Gr 10-12 Gr 10&11 Gr 11 Gr 12	Veldstudie & Ekologie/ Voetslaner & Kamp-lewe Veldvernuf/Paraatheid Jag- en Wildbeheer/Kommunikasie Gevorderde Noodhulp & Tuisverpleging Kampbeveiliging /Radiospraak Selfbehoud & Kaart en Kompas Rigtersgroep & Burgerskap
Laeveld Veldwerkkamp	Julie	Gr 8 Gr 9 Gr 10-11 Gr 10-11 Gr 10-11 Gr 10-11 Gr 12	Veldstudie Veldvernuf Seiner Paraatheid Gasheer Onthaalkuns Keurgroepe
Lunsklip Veldwerkkamp	April	Gr 11 Gr 12	Selfbehoud Keurgroepe
Roodeplaat Waterwerkkamp	April	Gr 8 Gr 9 Gr 10-11 Gr 10-11 Gr 10-11 Gr 10-11 Gr 11 Gr 12	Varswaterkunde Roeikunde Seilkuns Radiospraak Huishouding Kampbeveiliging Lewenskuns Bittereinders

NAAM	**TYD**	**GR**	**KENTEKENS**
Seejol	Julie	Gr 8	Seekunde & Kuswag
		Gr 9	Strandstudie
		Gr 10-11	Strandvernuf
		Gr 10-11	Voetslaner
		Gr 10-11	Kampbeveiliging
		Gr 10-11	Snorkelduik
		Gr 11	Selfbehoud
		Gr 12	Lewensgereedheid
Wilgedraai Waterwerkkamp	Oktober	Gr 8	Varswaterkunde
		Gr 9	Roeikunde
		Gr 10	Seilkuns
		Gr 11	Gevorderde Seilkuns
		Gr 11	Kampbeveiliging
		Gr 11	Selfbehoud

8 LEIERSKAP

8.1 HOE KWEEK EK LEIERSEIENSKAPPE BY MY SPANLEDE ?

Die Voortrekkers bied aan jeuglede 'n veilige ruimte waarbinne hy sy leierseienskappe kan ontwikkel. Die volwasse lid moet sorg dat elkeen gelyke geleenthede kry om hierdie eienskappe op 'n natuurlike manier te ontwikkel.

- Van jongs af moet jeuglede die geleentheid gegee word om self dinge te beplan en te doen. Die volwasse lid moet nie alles self doen nie. Gee aan jeuglede verantwoordelikhede. Die volwasse lid kan help deur leiding te gee, raadgewend op te tree, regstellings te maak en te kontroleer. Begin in graad 1 alreeds deur klein werkies en verantwoordelikhede aan spanlede op te dra. Verkenners kan byvoorbeeld 'n kamp of toer beplan. Hulle stel 'n komitee met verskillende verantwoordelikhede saam, bv. oor aspekte soos besprekings, vervoer, voedsel, noodhulp, sanitasie, ens.
- Die ontwikkeling van leierseienskappe vorder namate die jeuglid blootstelling kry aan situasies waar hy leiding en verantwoordelikheid moet neem. Vanaf graad 3 moet gepoog word om elke spanlid 'n spesifieke verantwoordelikheid te gee. Die span help om die pligte uit te stippel. Die volwasse lid moet goeie leiding, kontrole en aanmoediging gee om te verseker dat die funksies wel uitgevoer word. Voorbeelde van sulke verantwoordelikhede is:
  - byhou van die spanjoernaal
  - adjunkkommandoleier [finansies] van die span se finansies
  - verantwoordelikheid vir die spanvergaderplek
  - verantwoordelikheid vir korrespondensie en skakelwerk
  - die neem van foto's vir die spanalbum
  - bemarking van die span
- Die belangrikheid van klein oorwinnings moet nie onderskat word nie. Volwasse lede moet spanlede aanmoedig om deur te druk en nie tou op te gooi nie. Voltooi alles wat aangepak word. Dit wat die kind nie voltooi nie, doen afbreek aan die jeuglid se selfvertroue; daarenteen dra sake wat voltooi word, by tot die groei van selfvertroue. Selfvertroue is die basis van leierskap. Spanlede moet leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle dade. Hulle moet leer om te dink voor hulle doen.
- Spanlede moet leer om opdragte te ontleed, 'n plan van aksie op te stel, te delegeer, behoorlike opdragte te gee (wie, wat, waar, wanneer en waarom) en te kontroleer dat alles volgens plan verloop.
- Gee aan elke spanlid die geleentheid om leiding te neem. By Verkenners hoef die spanleier nie by elke geleentheid die leiding te neem nie; dit kan op rotasiebasis deur elke spanlid gedoen word.
- Skep doelbewus geleenthede waar jeuglede leiding kan neem.
- Jeuglede moet ook leer om leiding op die korrekte manier te aanvaar en om die leier te ondersteun

8.2 HOE WORD 'N SPANLEIER VERKIES ?

8.2.1 Die belangrikheid van spanleiers

Die spanleier is die leier wat op grondvlak leiding neem en gesag uitoefen. Dit is 'n waardevolle oefenskool om aan jeuglede die geleentheid te bied om die uitlewing van die Voortrekker-doelstellings na te streef. Hieruit volg dit dat die keuse van spanleier reg moet wees. Sy optrede en leiding moet deur die volwasse lid gekontroleer word.

8.2.2 Wie moet die spanleier wees ?

Die eerlike, betroubare, geesdriftige en gebalanseerde op en wakker jeuglid is die ideale spanleier. Die spanleier beskik nie noodwendig oor al hierdie eienskappe nie. Die spanoffisier moet op taktvolle wyse aan hom die regte leiding gee. Die spanleier moet die vertroue van sy spanlede geniet. lndien die volwasse lid vertroue in die spanleier toon sal die spanlede sy leiding meer geredelik aanvaar.

8.2.3 Verkiesing van die spanleier

Dit vind volgens reglement 15 en 16 plaas. Dit is nie noodwendig voldoende om te verseker dat die beste persoon gekies word nie. Hier volg 'n paar gedagtes ter aanvulling:

- In graad 1 en 2 wil elke kind graag die spanleier wees. Wissel die spanleier gereeld af. Die jeuglid wat al 'n kans gehad het, is nie weer verkiesbaar nie. Sorg so dat almal in die span 'n kans kry.
- Vanaf graad 3 kan die verkiesing jaarliks plaasvind
- Verkieslik moet 'n spanleier nie meer as een keer 'n beurt kry gedurende die laerskooljare nie. Elke persoon kry sodoende die kans om as leier te ontwikkel.
- Die span moet voor die verkiesing, met die volwasse lid se hulp, waar nodig, 'n taakomskrywing, lys van verantwoordelikhede en profiel van hulle spanleier saamstel. Dit leer hulle om die leier te kies wat aan hulle span se vereistes voldoen.
- By die senior verkenners kan 'n kontrak tussen die spanleier en die span opgestel word. Hierin kan die interaksie, verantwoordelikhede en optrede tussen die partye uitgespel word.
- Handel gedurende die verkiesing van die spanleier ook die verkiesing van ander ampsdraers soos bv. adjunkspanleier, sekretaris, adjunkkommandoleier [finansies], wielejan en spysenier af.

8.3 WAT IS DIE ROL VAN DIE SPANLEIER EN HOE WORD DIE SPAN BESTUUR?

Die tydperk waartydens 'n jeuglid die spanleier is, moet deur die volwasse lid benut word as 'n opleidingsgeleentheid vir die uitbou van die spanleier se leierspotensiaal.

- Die spanleier moet 'n voorbeeld stel deur goeie gedrag, getrouheid en integriteit.
- Hy tree dikwels namens die volwasse lid op en moet hom bystaan in die uitvoer van sake van wissellende belang.
- Hy moet dissipline en orde in die span handhaaf.
- Hy is 'n skakel tussen die span en die volwasse lid. Hy is ook die span se skakel met die P/D- en Verkennerraad en die veldkornetskap. Hy verteenwoordig die span en dra besluite en behoeftes oor.
- Die spanleier is verantwoordelik vir samehorigheid, samewerking en goeie spangees in die span.
- Saam met die volwasse lid hanteer hy konflik in die span.
- Hy is die mondstuk van die span na buite.

Die spanleier en volwasse lid moet alle spanlede betrek by die bestuur van die span sodoende ontwikkel hulle leierspotensiaal.

- Verkennerspanlede kan beurte maak met die lei van spanvergaderings.
- Spesifieke aanstellings kan in die span gemaak word, bv. fotograaf, joernaalhouer, bemarking, ens.
- Vir elke projek wat 'n span aanpak kan 'n komitee saamgestel word. Heemraadslede wat die span bystaan kan ook op hierdie komitee dien.

8.4 HOE BEMAGTIG EK MY SPANLEIER ?

Wedersydse vertroue tussen spanleier en volwasse lid is nodig. Die spanleier oefen gesag uit en staan in die oë van die spanlede hoër as hulle. Die volwasse lid bemagtig die spanleier om leiding te neem en take uit te voer. Die volwasse lid gee waar nodig leiding, aanmoediging en ondersteuning.

- Gee aan die spanleier spesifieke take. Vermy dit om net roetine take aan hom te gee soos register lees, ens. Gee geleentheid om voor die span op te tree en groter verantwoordelikheid te neem. Aan die begin mag hy senuagtig wees. Laat hom daardeur spook en 'n klein oorwinning behaal. lndien die volwasse lid meen dat die werk nie deeglik gedoen is nie, kan hy op 'n taktvolle manier aanvul en op 'n volgende keer vooraf seker maak dat die voorbereiding van die spanleier goed gedoen is.
- By verkenners moet die volwasse lid al hoe meer die rol van fasiliteerder aanneem en 'n groot deel van die werk en beplanning aan die spanbestuur en spanlede oorlaat.
- Spanleier en volwasse lid moet saam beplan. Vra die spanleier se mening en lei hom tot die beste oplossing van probleme.
- Moet nooit in die teenwoordigheid van spanlede die spanleier ignoreer of minderwaardig laat voel nie. Dit skend die spanleier se selfvertroue en hy kan selfs sy span se vertroue verloor.
- Moedig spanlede aan om probleme met hulle spanleier te bespreek. Hulle moet na hom opsien.
- Leer die spanleier dat 'n saak meer as een kant het. Hy moet leer om na ander se mening te luister en sake objektief op te weeg.
- Leer die spanleier om van die adjunkspanleier gebruik te maak as onmisbare hulp vir hom.
- Die spanleier moet op hoogte gehou word van die kommandosake en moet dit aan sy spanlede oordra.
- Die volwasse lid moet sy span skool in die verantwoordelikhede van leiers en volgelinge.

ISBN 1-874993-72-6 2003-04 LEIERSKAP

9 MENSEVERHOUDINGE

9.1 WIE IS MY SPANLID?

Elke kind word gebore as 'n unieke individu. Geen twee kinders ontwikkel op dieselfde wyse of teen dieselfde tempo nie. Riglyne met betrekking tot die wordingsfases van die kind kan daarom hoogstens as aanwysers dien en nie as kriteria waaraan die kind MOET voldoen nie.

	FISIEK	**SOSIAAL**	**GEESTELIK**	**SEKSUEEL**
9.1.1 VYF JAAR (VOORSKOOLS)	Die kind kan reeds rondhardloop, op en af spring, huppel en klouter. Hy groei ongeveer 15 cm en sy massa vermeerder nagenoeg 4.5 kg. Hy kan al self aan- en uittrek, sy skoene vasmaak, tande borsel en sy klere vasknoop. Gereed om te begin lees.	Hy leer om verhoudinge met persone buite die gesin op te bou. Aktiwiteite saam met ander is belangrik. Hy moet nou leer om te gee en te neem soos hy later in sy lewe sal moet doen. Die kind verkies om tuis by sy ma te bly of om te weet dat sy iewers naby is.	Hy aanvaar God as Skepper en Vader, maar raak soms verward met die verskil tussen God en Jesus. Hy is skrikkerig vir die feit dat God alles weet wat ons doen. Hy hou van Bybel stories en geniet gewoonlik die Kategese.	Hy is gewoonlik nuuskierig om te weet waar hy vandaan kom. Vra baie vrae oor babatjies. Stel belang in die verskil tussen 'n man en 'n vrou. Seksvoorligting moet nou begin en met die verloop van tyd meer uitbrei.
9.1.2 SES JAAR (GRAAD 1)	Die kind is baie energiek. Koördinasie verbeter. Kan al bolmakiesie slaan. Begin voortande wissel. Vind dit baie moeilik om 'n ruk lank stil te sit! Konsentrasievermoë is beperk. Leer nou lees en eenvoudige syferwerk doen.	Hy moet nou leer om sosiaal aan te pas. Leer interaksie met kinders in hoër grade. Leer geleidelik om sy emosies en gedrag te beheer. Baie afhanklik van volwassenes se goedkeuring.	Hy begin ‘n sin vir waardes ontwikkel. God is baie belangrik: besef God kan hom sien, maar nie andersom nie. Die kind verwag dat sy gebede letterlik verhoor moet word, en dadelik. Gereed vir meer gevorderde Bybelgebeure. Sy idees is nog net konkreet: hy kan nie abstrakte begrippe snap nie.	Hy is baie geinteresseerd in nuwe toevoeging; tot die gesin, die verskillende geslagte, en hoe babatjies in die wêreld kom. Die hoe van voortplanting prikkel nou sy belangstelling. Vra ook vrae oor die paringsproses wat hy by diere opmerk.

	FISIEK	SOSIAAL	GEESTELIK	SEKSUEEL
9.1.3 SEWE JAAR (GRAAD 2)	Die kind is nog steeds besonder energiek. Spierkoördinasie ontwikkel verder: Kan gemaklik skryf en inkleurpotlode hanteer. Kan nog nie lang tye konsentreer nie. Is nogal luidrugtig en baie aktief. Groei nou stadiger.	Hy het hulp nodig om selfvertroue te ontwikkel. Dikwels droomverlore en besonder sensitief vir die goedkeuring of misnoeë van sy ouers en ander mense. Hou van kompeterende speletjies, maar wil altyd wen. Hy is 'n baie swak verloorder.	Hy dink baie oor God en oor die hemel. Kan al godsdiens of Kategese vrae beantwoord oor redelik abstrakte konsepte. Helde uit die Bybel is vir hom soos lewende persone en hy geniet Bybelverhale daarom besonder baie. Kan al self besluite begin neem oor hoe hy sal optree of waarheen hy wil gaan.	Hy ontwikkel van volkome selfgesentreerdheid tot 'n lid van die samelewing - gevolglik is hy ook meer ingestel op seksverskille by die teenoorgestelde geslag. Hantering van die geslagsorgane kom dikwels voor. Sewejarige lag soms vir toilet funksies wat hulle fassineer. Raak soms eksploratief aan ander kinders se boutjies of genitalieë.
9.1.4 AGT JAAR (GRAAD 3)	Die kind se spierkoördinasie is nou so goed dat hy kan fietsry, rolskaats, eenvoudige volksdanse doen en dies meer. Groei nog heelwat. Aandagspan neem toe en hy kan dus langer aaneen konsentreer.	Seuns leer nou dat dit van hulle verwag word om dapper te wees in enige situasie. Aan die een kant wil hulle "groot" wees, maar aan die ander kant is hulle nog afhanklik van ouers en onderwysers. Geneig om baasspelerig te wees. Vorm bendes wat net uit een geslag bestaan. Agtjariges raak bewus van hulself as persone in eie reg.	Die kind se wêreldjie verbreed en sy belangstelling in sendingwerk kan reeds geprikkel word. Hy begin vrae vra oor dinge wat hy vroeër sonder meer aanvaar het. Kan nou self uit die Bybel lees. In die klassituasie kan hy al begryp wat Christelike liefde en vergifnis behels.	Hy raak nou skaam en terughoudend oor geslagsake. Vra minder vrae oor seks. Klierveranderinge veroorsaak dat groeihormone meer aktief raak in vergelyking met die meer passiewe sekshormone. Seuntjies raak maklik betrokke by "stout" grappe en vloekwoorde. Begin uitvra oor pase rol in die voortplantingsproses.

	FISIEK	SOSIAAL	GEESTELIK	SEKSUEEL
9.1.5 NEGE JAAR (GRAAD 4)	Seuns groei nie meer so vinnig nie, maar meisies wel. Spierkoördinasie uitstekend. By sommige meisies is daar reeds 'n beduidenis van borste en skaamhare, maar die meeste toon nog nie die ontwikkeling nie.	Bendes en groep aktiwiteite is baie gewild: maar altyd binne die eie geslag. Die groepe help die kind om gesonde gedragspatrone aan te leer. Geesdrif is gewoonlik meer as waartoe hulle werklik in staat is. Wil baie graag vergelyk word met die portuurgroep.	Hy kan al baie van die heilsgeskiedenis begryp. Helde, ook Bybelhelde, wek sy bewondering. Hy kan in hierdie stadium sterk gemotiveer word tot Christelike karaktertrekke en dade, veral deur 'n onderwyser wat hom goed begryp. Diens aan ander is ook iets wat hy verstaan, asook die feit dat die kerk van Christus oor die hele wêreld strek.	Tussen nege en dertien jaar raak die kind gereed vir die oorgang na adolessensie. Seksuele ontwikkeling is nog nie opvallend nie. Meisies kan begin menstrueer. Soms gesels maats onderlangs oor geslagsake.
9.1.6 TIEN JAAR (GRAAD 5)	Meisies is nou gewoonlik langer as seuns van dieselfde ouderdom. Hou van sportbedrywighede - veral in spanne	In graad 5 en 6 lyk dit nie juis of seuns en meisies van mekaar hou nie. Lag baie, maar hulle grappe is vir niemand buite hulle portuurgroep snaaks nie. Vir meisies is 'n beste maat uiters belangrik - soms meer as een! Verhoudings is nou dieper en meer verwikkeld as vroeër.	Hulle is nou in staat om die grondfeite van die Christelike geloof te begryp en te bespreek. Bybelbeginsels en lesse uit die Bybelverhale kan nou op hul eie toegepas word. Ryp vir 'n persoonlike geloofsverhouding.	Die meeste tienjariges het al gehoor van menstruasie. Sommige stel belang in die feite oor die voortplantingsproses - veral die meisies. Party het al van geslagsgemeenskap gehoor.
9.1.7 ELF JAAR (GRAAD 6)	Die kind is baie kompeterend in die stadium. Spansport speel 'n belangrike rol. Duidelike liggaamlike veranderinge by die meeste meisies sigbaar: Borste begin ontwikkel en hulle het al 90 % van hulle volwasse lengte bereik. Seuns toon nog steeds geen teken van seksuele rypheid nie.	Groepaktiwiteite (Voortrekkers, Girl Guides en dies meer) is baie gewild. Is steeds baie geheg aan die gesin, alhoewel hy dit nie altyd erken nie - kraak gesinslede soms voor maats af. Vriende is meestal van dieselfde geslag: verhoudings toon meer emosionele diepte en verwikkeldheid as vroeër.	Hy begin al dink oor wat hy eendag wil word en kan nou aangemoedig word om persoonlike geloofsoortuigings met 'n beroepskeuse in verband te bring. Hou van kerklike jeugaktiwiteite en neem graag deel. Kan nou sy geloof ver-woord en behoort geleentheid te kry om daarmee besig te wees.	Die meeste meisies ken nou die feite rakende voortplanting en geslagsgemeenskap. Dit is egter die biologiese feite en hulle verstaan nog min van wat 'n seksuele verhouding behels. Die meeste seuns weet ook wat masturbasie is en het al daarmee geëksperimenteer. Party ervaar ereksies van nie-seksuele stimuli

	FISIEK	SOSIAAL	GEESTELIK	SEKSUEEL
9.1.8 TWAALF – VEERTIEN JAAR (GRAAD 7-9)	Meisies in die ouderdomsgroep word vinniger liggaamlik volwasse as seuns. Seuns word eers ongeveer gr 9 geslagsryp, hoewel sommige gr 7-seuns reeds skaamhare het en groei van die genitalieë toon. Terwyl meisies in die jare liefdesverhale verslind, droom en fantaseer, is die seuns meer geinteresseerd in fisieke aktiwiteite, veral soen. Die meisies se borste vergroot al meer, okselhare begin verskyn en die eerste menstruasie kom voor. Lompheid is 'n algemene probleem.	Seuns stel steeds baie belang in groep- en bende aktiwiteite. Hulle geniet dit veral om saam met ander seuns sport te beoefen. Albei geslagte probeer nou om meer van die ouers los te kom. Graad agts en –neges raak meer geinteresseerd in die teenoorgestelde geslag.	Hulle kan nou abstrak dink en kan daarom uitgelok word om hulle opinie oor etiese sake te lug. Hulle begin nadink en vrae vra oor godsdiens. Hierin moet hulle aangemoedig en gelei word deur 'n simpatieke ouer of onderwyser. Dikwels is Christus vir hulle bloot 'n dapper held wat aan die kruis gesterf het. Daarom moet iemand hulle nou help om sy kruisdood te begryp en die betekenis daarvan vir hulle eie lewe toe te eien.	Feitelike inligting oor geslagsake behoort nou afgehandel te wees. Alle vrae moet openlik en eerlik beantwoord word. Klem moet gelê word op ‘n intieme liefdes-verhouding as basiese komponent van seks. Seuns ondervind saadstorting in hulle slaap en die meeste meisies menstrueer. Tieners wonder hoe hulle hul seksuele vermoëns kan aanwend - hulle maak onderling grappe daaroor en eksperimenteer met vryery as hulle uitgaan.
9.1.9 VYFTIEN TOT AGTIEN JAAR (GRAAD 10-12	Die meeste tieners het in die stadium reeds volle geslagsrypheid bereik. Seuns se spierkoördinasie is uitstekend en daarom vaar hulle baie goed in sport. Meisies se voorkoms is nou opvallend vroulik. Baie aandag moet in dié jare gegee word aan 'n gebalanseerde dieet - ter wille van lewenskrag en 'n gesonde vel. Aknee is 'n groot probleem.	Alhoewel dit wyser sou wees om "in die bondel" uit te gaan, verkies tieners om te "kys" of “vas uit te gaan". Die sekerheid van ‘n vaste maat vir alle sosiale en skool geleenthede gee hulle 'n gevoel van sekuriteit. Hulle is meestal besig met bedrywighede buite die ouerhuis.	Tieners se horison verbreed en hulle wil vry wees om hulle "eie ding te doen". 'n Jeugleier of onderwyser met begrip vir die tiener se probleme is van onskatbare waarde. Omdat die tiener op 'n gevorderde vlak abstrak kan dink, het hulle leiding nodig met die deurdink van etiese probleme. Sy lewe is voor hom en die keuse van 'n loopbaan waarin hy Christelike leierskap kan uitoefen. Die kerk moet so goed moontlik van hierdie ontvanklike stadium gebruik maak.	Volwasse leiding met die hantering van seks is noodsaaklik. Sterk seksuele drange en emosie is kenmerkend van hierdie byna grootmensstadium.

9.2 HOE MOET EK GOEIE VERHOUDINGS MET MY SPANLEDE SE OUERS HANDHAAF ?

Ouers is 'n belangrike skakel in *Die Voortrekkers*, maar is tog een van die groepe wat die meeste afgeskeep word. Positiewe en gemotiveerde ouers is die rugsteun vir die span en die kommando. Hulle is die voedingsbron vir toekomstige volwasse lede. Ouers tree beskermend teenoor hulle kinders op. Hulle is bedag op wie met hulle kinders werk, daarom is dit belangrik om 'n vertrouens-verhouding met hulle te vestig. Om die vertroue van ouers te wen en hulle betrokke te kry moet die spanoffisier:

- Die ouers ken en sorg dat hulle ingelig is oor die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers* en weet hoe *Die Voortrekkers* en die span funksioneer.
- Weet wat die omstandighede by elke spanlid se huis is. Hanteer spanlede en ouers dan sensitief en korrek.
- Goeie kommunikasie met ouers bewerkstellig en hulle ingelig hou oor die span se werksaamhede en planne.
- 'n Goeie vertrouensverhouding met die ouers opbou deur, ten alle tye deursigtig te wees in alles wat gedoen word.
- Eerlik en opreg op te tree, doeltreffende en effektiewe spanwerk te doen.
- Goeie voorbereiding en professionele aanbiedings.
- Getrouheid en stiptelikheid.
- Ouers betrokke te hou deur:
  - hulle deel te maak van die span deur gereelde uitnodigings na aktiwiteite,
  - hulle te betrek by spanprojekte soos byvoorbeeld spanuitstappies, staptoere, kampe, ens.
  - hulle te vra om sekere aspekte van die projekte te reël, gereeld aktiwiteite spesifiek met die ouers in gedagte te reël, soos bv. moeder en dogter kampe of 'n pa en seun sportdag.
- Verseker dat die ouers insette kan lewer by die beplanning van die span se jaarprogram.
- In die laaste brief van die jaar ouers inlig oor die span se planne vir die volgende jaar met 'n konsepbegroting om aan te dui wat die bedrywighede sal kos en wat die volgende jaar se ledegeld sal wees.
- Moeite doen om ouers met hulle en hulle kinders se verjaardae en prestasies geluk te wens. Lewer 'n kaartjie af of gaan drink tee saam met hulle.
- Gereeld ouers te bedank vir wat hulle gedoen het.

Die kommandobestuur moet die volwasse lid bystaan om sy verhouding met die ouers te versterk. Uit die ouers se geledere kom gewoonlik die heemraadslede en volwasse lede van die toekoms.

9.3 WAAROM HANDHAAF ONS DISSIPLINE ?

- Elke mens se voortbestaan is afhanklik van dissipline, veral selfdissipline.
- Geen mens kan beskaafd optree as hy nie selfdissipline kan toepas nie.
- Dissipline is ‘n stel reëls wat elke handeling voorafgaan, bv. opstaan in die oggend, persoonlike higiëne, bybelstudie, goeie maniere, gesonde eetgewoontes, netjies en ge-orden leef, stiptelikheid, selfstudie, waarneming, finesse, selfrespek en vele meer.
- Dissipline is ‘n Christelike deug en as Voortrekkers moet ons dit handhaaf.
- Geen mens kan dissipline op ander afdwing indien hy nie selfdissipline handhaaf nie.
- Respek en dissipline loop hand aan hand. Jy kan slegs dissipline toepas as ander jou respekteer.
- ‘n Mens dwing nie dissipline af deur jou selfbeheersing te verloor en op ander te skree en handgemeen te raak nie.
- Kinders wil graag gedissiplineerd leef. Dit is ons plig as volwassenes om hulle te help om dissipline aan te leer.

- Kinders wil deel in die besluitneming rondom reëls en die toepassing daarvan. Hulle soek dus begeleiding en nie totale beheer van volwassenes nie.
- Sluit jaarliks ‘n spankontrak met jou span. Dit moet positief gestruktureer wees. Gee altyd die rede vir ‘n reël. Laat die jeuglid duidelik verstaan dat hy verantwoordelik is vir sy eie dade en dus die gevolg moet dra van sy handelinge. Die straf waarop die span besluit moet nie die persoon se menswaardigheid aantas nie, maar moet eerder opbouend wees.
- Dissipline word nie deur lyfstraf of ‘n geskree aangeleer nie. Gebruik eerder spel, sang, seremonies en paradewerk. Die goeie voorbeeld van die volwasse lid is onontbeerlik.

9.4 KONFLIK

9.4.1 WAT IS KONFLIK?

Konflik is 'n

- teenstand,
- worsteling,
- botsing,
- argument,
- oorlog,
- stryd,

met woorde of dade

Konflik ontstaan wanneer mense verskil ten opsigte van

- begrip,
- waarde sisteem,
- belangstellings,
- styl,
- opinie oor 'n saak.

Konflik het voor- en nadele. KONFLIK is soos DINAMIET. Jy kan dit gebruik om 'n berg plat te skiet of jy kan dit gebruik om 'n tonnel deur die berg te skiet.

9.4.2 HOE KAN EK KONFLIK OP ‘N POSITIEWE WYSE HANTEER?

Dink na oor die volgende vrae:

- Hoe het jy in die verlede konflik hanteer, sodat dit 'n positiewe ervaring vir al die betrokkenes was?
- Hoekom dink jy het jou werkswyse geslaag?

Onderhandelingsvaardighede is die sekerste manier om konflik op 'n positiewe manier te ontlont.

9.4.3 WATTER SOORT KONFLIKHANTERINGSTYL HET JY?

Lees eers al die onderstaande sinne deur en kies dan die tien wat jou hantering van konflik die beste beskryf. Merk die tien wat jy kies met 'n ✓. Wees baie eerlik. Onthou daar is nie 'n regte en verkeerde antwoord nie.

1	Jy probeer altyd mooipraat om die vrede te bewaar.	
2	Dit is vir jou belangrik om te hoor wat die ander persoon dink en voel.	
3	Dit is vir jou baie belangrik om jou saak te wen.	
4	Jy kan enige iets reg praat.	
5	Jy is bang vir konflik.	
6	Jy kan dit nie verduur as ander mense vir jou kwaad is nie.	
7	Jy is bereid om jou foute te erken.	
8	Jy sal moeite doen om agter die waarheid te kom.	
9	Jy glo jy mag nie konflik hê met mense vir wie jy omgee nie.	
10	Jy stry nie met mense nie, want jy is bang hulle sê iets wat jou seermaak.	
11	Jy verdra dit nie as mense nie vir jou luister nie.	
12	Jy sal die waarheid bietjie verdraai om jou punt te bewys.	
13	Mense wen nie maklik 'n argument met jou nie.	
14	Jy het 'n baie klein hartjie en voel maklik sleg.	
15	Jy haat dit as mense jou teengaan.	
16	Jy glo 'n saak het altyd twee kante.	
17	Jy voel soms na 'n argument sleg dat jy nie die volle waarheid gepraat het nie.	
18	Jy is bang mense hou nie meer van jou as jy van hulle verskil nie.	
19	Jy het al agtergekom mense is bangerig om van jou te verskil.	
20	Jy krop liewer op as om te sê wat jy dink en dan seer te kry.	

9.4.3.1 SLEUTEL

Omkring die nommers van die stellings wat jy gemerk het op die onderstaande tabel. Maak seker dat jy tien stellings gemerk het.

SKILPAD	TEDDIE	UIL	JAKKALS	LEEU
5	1	2	4	3
10	6	7	12	11
14	9	8	13	15
20	18	16	17	19

SKILPAD: ‘n Skilpad kruip weg in sy dop. As dit veilig is, kom hy weer uit sy dop uit. As 'n skilpad onverhoeds betrap word, kan hy seer byt. Sy motto is: Skoert, ek soek nie konflik nie. Die wêreld gaan by hom verby.

TEDDIE: ‘n Teddie huil na binne - het geen uitlaatklep nie. 'n Teddie lê net waar hulle hom gooi. Mens weet nie wat binne hom/haar aangaan nie.

UIL: ‘n Uil kan rondom hom kyk en in die dag en die nag sien - dus het hy onderskeidingsvermoë.. As hy in beweging kom is hy geruisloos en baie doelgerig. 'n Uil vermy nie konflik nie en hanteer dit soos dit kom. Wanneer 'n uil hom/haarself nie kan handhaaf nie, dan val hy/sy of terug na aggressiewe of passiewe hantering van die konflik.

JAKKALS: ‘n Jakkals veroorsaak chaos, en gee dan pad. Die skuld vir die chaos pak hy op iemand anders.

LEEU: ‘n Leeu bekruip sy prooi, storm doelgerig en as hy mis gryp hy die volgende een. Hy laat geen ander leeu in sy gebied toe nie. So 'n mens sal storm, chaos veroorsaak en later spyt wees daaroor.

OORWEGEND NEGATIEF	**OORWEGEND POSITIEF**	**OORWEGEND NEGATIEF**
Passief	Selfhandhawend	Aggressief
Teddie Skilpad	Uil	Leeu Jakkals
"people-pleaser"	"Jesus pleaser"	"self-pleaser"
Ander	Jesus, ander, ek	Ek

9.4.4 MODEL VIR KONFLIKHANTERING

OORSAKE	**PERSOON**	**MOONTLIKE REAKSIES**
Belangstellings Begrip Waardes Styl Opinie	Oplossing gebaseer op wen-wen	Passief(Ontduik) Selfhandhawend (Onderhandel) Aggressief(beveg dit)
	ONDERHANDELINGS VAARDIGHEDE	
	Identifiseer die probleem Verstaan die situasie Soek na 'n wen-wen situasie Kies die regte tyd Evalueer	

9.4.5 OORSAKE VAN KONFLIK

BELANG-STELLING	BEGRIP (LEEFWêRELD)	WAARDES	STYL	OPINIE
Die verskil tussen wat EK wil hê en wat JY wil hê.	Die verskil tussen wat JY verstaan en wat EK verstaan.	Die verskil tussen wat vir MY belangrik is en waaraan en in wie ek glo en dit wat vir JOU belangrik is en waar-aan en in wie jy glo.	Die verskil tussen die manier waarop EK dinge doen en die manier waarop JY dinge doen.	Die verskil tussen wat EK dink en wat JY dink.
"Ek hou nie van draf nie en nou neem jy my kwalik."	"Ek dink jy wil nie met my praat nie, omdat jy kwaad is vir my, maar eintlik is jy huiwerig om met my te praat nadat ek jou afgejak het."	"Ek wil in 'n kerk trou en jy wil in 'n landdroskantoor gaan trou."	"Ek grimeer my stadig en baie metodies en jy smeer net woerts-warts dan is jy klaar."	"Ek dink die televisie is onontbeerlik vir 'n tiener se opvoeding en jy dink die televisie nooi die duiwel in die huis in."
EIE VOORBEELD	EIE VOORBEELD	EIE VOORBEELD	EIE VOORBEELD	EIE VOORBEELD

9.5 IS DAAR 'N GEDRAGSKODE VIR VOORTREKKERS ?

Die gedragskode van *Die Voortrekkers* is baie belangrik vir al die lede, want ons het deur jare 'n spesifieke wyse van optrede en reëls neergelê, sodat ons as groep se optrede eenvormig, met finesse en met integriteit uitgeleef word.

Hierdie gewoontes was aanvanklik nie op skrif nie, maar het so deel van ons bestaan geword dat dit reeds tradisie in *Die Voortrekkers* is.

Hierdie gedragskode is gebaseer op die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers*, asook op wellewendheid en welwillendheid teenoor die medemens en eerbied vir die eie.

Die voorskrifte vir *Die Voortrekkers* se optrede is veel dieper as wat dit oppervlakkig mag voorkom.

Hierdie gedragskode word volledig bespreek in die reglemente onder die Gedragskode van *Die Voortrekkers* en sluit die volgende elemente in:

- Grondwet, reglemente en doelstellings
- Gesagstuktuur
- Die gedragskode van die Voortrekkerleier (volwasse lid).
- Verpligtings
- Aanspreekvorm
- Ander organisasies
- Partypolitiek
- Media
- Huweliksgeleenthede
- Gebruik van gewoontevormende middels
- Gedragskode by die dra van Voortrekkerdrag.
- Optrede van Voortrekkerleiers in die openbaar.
- Geleenthede binne *Die Voortrekkers* waar leiers optree.
- Ander geleenthede waarna Voortrekkerleiers uitgenooi word.
- Finansiële aangeleenthede
- Rou en begrafnisse
- Kommando verlof

- Ontneming van toekennings
- Saluut
- Die nasionale liedere
- Vlagkodes
- Beloftes
- Gedrag wat in stryd is met die gedragskode

9.6 DIE GEDRAGSKODE VAN 'N VOORTREKKERLEIER

Elke volwasse leier aanvaar die volgende riglyne vir sy optrede omdat sy lewenswyse ook 'n leerboek vir die leier van môre is:

- Om getrou te wees aan die missie, visie, grondslag, wese, doelstellings en belofte van *Die Voortrekkers*, om dit my eie te maak en dit te bevorder.
- Om 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing te handhaaf.
- Om te weet dat dit in *Die Voortrekkers* om die jeuglid gaan, dat sy behoeftes en omstandighede bepalend moet wees en dat my positiewe siening van 'n kind 'n vormende invloed op die jeuglid sal hê.
- Om lojaliteit en respek te betoon teenoor alle lede van *Die Voortrekkers* en my amp of posisie te beklee in 'n gees van hulpvaardigheid en welwillendheid.
- Om te alle tye sober en onberispelik op te tree en my nie skuldig te maak aan misbruik (of die indruk van misbruik te laat) van enige aard nie.
- Om my daarvan te weerhou om uitsprake oor dogmatiese of partypolitieke aangeleenthede te maak.
- Om positief op te tree in die uitvoering van dissipline en niemand hardhandig, vernederend of verkleinerend te behandel nie.
- Om bereid te wees om op 'n gereelde basis opleiding en verrykingsgeleenthede by te woon.
- Om 'n ambassadeur vir *Die Voortrekkers* te wees en die beeld daarvan te bevorder.
- Om pro-aktief te wees in my beplanning, regverdig in my oordeel en positief in my siening en nie myself of my span ten koste van ander te bevoordeel nie.
- Om kreatief en inisiërend te dink en te doen en om nie die weg van minste ongerief te volg nie.
- Om betyds kennis te gee indien ek 'n verantwoordelikheid nie kan nakom nie en om goed voorbereid, entoesiasties en stiptelik te wees in die nakoming van my pligte.

9.7 HOE BESTUUR EK WEERSTAND OP VERKENNERVLAK?

Weerstand gaan gepaard met verandering en oningeligdheid. Dit kan lei tot konflik, konfrontasie, wegbreek en 'n gevoel dat jy vasgedruk word. Dit kan die effektiwiteit en samebinding van 'n span negatief beïnvloed. Dit kan daartoe let dat spanlede bedank. Die volwasse lid moet deurgans die gevoel in sy span monitor en by die geringste teken van weerstand dit hanteer. Tree voorkomend op.

Spanlede moet betrokke wees by beplanning en uitvoering van aktiwiteite.
Konsensus is belangrik
Sorg vir 'n doeltreffende kommunikasiestelsel. Almal moet goed ingelig wees.
'n Oop en gemaklike verhouding tussen jou en jou spanlede bevorder goeie samewerking.
Oningeligde ouers kan weerstand veroorsaak. Hou inligtingsessies en doen huisbesoek of kommunikeer per brief.
Verandering versteur mense se gemaksone. Maak seker dat enige verandering genoegsaam bespreek word. Ontleed probleme en verkry 'n oplossing wat almal tevrede stel.
Die kommandodagbestuur moet ook goeie kommunikasie met spanne en hulle volwasse lede handhaaf.

Tree so op sodra jy weerstand bespeur:

- Ontleed die moontlike oorsaak.
- Maak seker dat die probleem nie by jou lê nie. Dalk doen jy iets waarvan die span nie hou nie. Wees eerlik en maak die nodige regstelling.
- Wanneer die oorsaak vasgestel is, maak werk daarvan om dit uit die weg te ruim. Wees baie diplomaties en sensitief.
- Elke geval is uniek. Stel jouself in die ander se plek.
- Praat sake uit met die individu en/of span en kom tot 'n gesamentlik oplossing

9.8 ONDERHANDELINGSVAARDIGHEDE

9.8.1 Stap 1: Identifiseer die moontlikheid van konflik

Die eerste stap in die hantering van konflik is om dinamiet raak te sien. Konflik wat kans gekry het om te broei is op die ou end moeiliker hanteerbaar.

GEDRAG MET KONFLIKPOTENSIAAL	
WOORDE (Verbale gedrag)	**DADE (Nie-verbale gedrag)**
• Beledigings • Sarkasme • Stadige beklemtoning • Klagtes • Uitdaging • Weiering • Ontkenning	• Deur toeklap • Sug • Ontydige en ontoepaslike lag • Slaan • Stilstuipe • Rusteloosheid en geirriteerdheid • Loop uit die kamer • Harde stem

9.8.2 Stap 2: Verstaan die situasie

'n Mens kan net begrip hê vir iets wat jy verstaan. Om te kan verstaan verg :

- Rustigheid en kalmte
- Aktiewe luister
- Tyd ("n Haastige hond verbrand sy mond")
- Kontroleer

9.8.3 Stap 3: Soek 'n wen-wen situasie

"Die held in die fliek staan verwese en druipnat op die kant van die swembad in die sjokoladedoos-mooie tuin. 'Dit is die laaste keer dat jy vir my 'n leuen vertel het!', gil die meisie en tel die pistool op en mik na die held. Hy duik onder die tuinstoel in. Hy weet sy is ernstig."

- Hoe sou jy opgetree het indien jy die held was?
- Hoekom?

9.8.4 Stap 4: Kies die regte tyd

Die volgende vrae is die sleutel tot opbouende en effektiewe konflikhantering:

- Is die situasie vir jou belangrik genoeg om op te tree?
- Het jy tyd om die konfliksituasie te ontlont?
- Het jy die regte tyd gekies om op te tree?

9.8.5 Stap 5: Evalueer

'n Mens word nie gebore met die vermoë om konflik raak te sien en dit te hanteer nie. Dit vra oefening en nogmaals oefening. Alhoewel die persepsie bestaan dat die aanvoeling van 'n konflik-in-wording 'n natuurlike gegewe is, is dit nie waar nie. Alle mense het nood aan vaardighede om konflik te hanteer. Konflik kan gering wees soos verskille tussen vriende of dit kan ernstig wees soos die geweld wat Suid-Afrikaners elke aand op die televisienuus sien. Die uitdaging lê daarin om die geskatte 80% van alle konflik waar oneffektiewe kommunikasie die oorsaak is, te onderskei van die ander 20% waar konflik bestuur moet word.

10 GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

10.1 WAAROM MOET MY SPAN GEMEENSKAPSDIENS DOEN ?

Die diens wat 'n span aan die gemeenskap lewer is nie net vir die span iets positiefs om te doen nie, maar het ook uitstekende bemarkingswaarde. Dit verhoog die sigbaarheid van *Die Voortrekkers* in die gemeenskap en die 'dankie' wat die kinders ontvang, laat hulle ook tevrede voel.

Probeer gerus een van die volgende projekte:

- Verf 'n kliniek, ouetehuis of klaskamer
- Tree as kelners op wanneer die skool personeel of beheerliggame onthaal.
- Samel nie-bederfbare kos by huise in en deel dit aan hulpbehoewendes uit.
- Neem eet- en drinkgoed na polisiestasie, bejaardes en weeskinders.
- Help om die parke of oop ruimtes in jou omgewing skoon te maak. Kry die gemeenskap om te help. Nooi hulle deur plakkate, strooibiljette, ens, vooraf te versprei en werk saam met die skool of die Scouts en Guides in jou omgewing.
- Indien daar 'n botaniese tuin in jou omgewing is, bied aan om te help wanneer hulle 'n verkoping hou deur bv. plante na motors te dra. Samel spanfonds in deur die fooitjies wat spanlede kry.

ISBN 1-874993-72-6 2003-04 VOORTREKKERDRAG

11 VOORTREKKERDRAG

11.1 WAT IS DIE BELANGRIKSTE INLIGTING OOR VOORTREKKER-DRAG ?

Die Voortrekkerdrag is die drag waardeur Voortrekkers geidentifiseer word. Alle ingeskrewe lede is verplig om Voortrekkerdrag te dra. Hul moet dit met trots dra en daarom moet dit altyd korrek en netjies gedra word.

Daar is twee soorte drag : aktiewe drag en formele drag. Dit is baie belangrik om die regte drag na die regte geleentheid te dra. Daar is variasie in die drag, sodat elke persoon stylvol en op sy beste kan vertoon en gemaklik daarin voel.

'n Volledige beskrywing van die Voortrekkerdrag kom in die reglemente vir Voortrekkerdrag voor. Dit is wenslik om die reglement te raadpleeg.

NB!! Wanneer Voortrekkers hul Voortrekkerdrag dra, bemark hulle die Voortrekkers, daarom moet hulle altyd onberispelik optree, die Voortrekkerkode uitleef en die drag met trots dra.

11.2 HOE KOOP EK ARTIKELS AAN BY DIE VOORTREKKERDEPOT?

Die Voortrekkerdepot is die enigste verskaffer van amptelike Voortrekkerdrag, kentekens en lektuur. Aandenkings en geskenke met Voortrekkerwapens word ook verkoop. Slegs lede van die Voortrekkerbeweging mag artikels aankoop by die Voortrekkerdepot. Alle pryse van artikels kom in die pryslys van die Voortrekkerdepot voor en sluit BTW in. 'n Kopie van hierdie pryslys word jaarliks aan elke kommando gestuur met volledige inligting rondom aankope en bestellings.

Geen goedere word teruggeneem en gekrediteer nie, slegs Voortrekkerdragstukke, beskadigde artikels en swak gebinde boeke word omgeruil. Daar is verskillende aankoopmetodes, bv. posbestellings, oor die toonbank met of sonder afspraak, per e-pos, per kredietkaart en ander betaalwyses. Vergewis jou altyd eers van die kommando se prosedure van aankoop. Die AKL Administrasie sal vir jou die nodige inligting kan gee.

Die Voortrekkerdepot se adres is:

Neuwaygebou
Pierneefstraat
Villieria
Pretoria
e-pos vtdepot@iafrica.com

Posbus 12542
Queenswood
0121
Tel: 012 329-0198
Faks: 012 329-0200

- Die volledige uiteensetting van metodes van aankope word in die pryslys gevind. Dit sluit o.a. die volgende in: bestelvorms, depot-ure, manier van bestelling, betaling, omruiling, beperkte lewering.
- Die pryslys bevat 'n volledige lys van Voortrekkerliteratuur. Dit is wenslik dat elke kommando minstens een eksemplaar van alle literatuur in hulle biblioteek aanhou. Tydens volwasse ledekursusse en saamtrekke behoort daar gereeld 'n uitstalling van die literatuur plaas te vind. Elke gebied het 'n tas met voorbeelde wat gereeld deur die Voortrekkerdepot opgedateer word.

NOTAS

ISBN 1-874993-72-6 2003-04

NOTAS

NOTAS

INDEKS

A

Aandprogram 27
Aantree en appél..... 18
Adjunkkommandoleier [finansies].... 7, 41, 42
Adjunkspanleier 18, 40, 41
Afrikanerskap..... 3, 33
Afsluiting 19
Afwisseling 4
Aktiwiteit van die dag..... 18
Avontuur 4, 13, 21, 33, 35, 36
Avontuurkamp 33, 36, 37

B

Bedank 27, 47, 52
Beeldende Kunste 36, 37
Begeleier 5
Bemarking..... 39, 40, 55
Berading..... 2, 14
Bewaring..... 34
Biblioteek..... 12, 56
Bittereinders..... 38
Boeresportspeletjies 22
Boknes..... 34
Burgerskap 3, 33
Bybelstudie..... 47

C

Christenskap..... 3, 13, 33

D

Dierekennis 38
Dissipline 18, 19, 33, 40 47, 48, 52
Doelwitte..... 19, 20, 21
Doornkamp..... 36
Doornkloof..... 36

E

Eerbied 26, 33, 51
Ekosorg..... 35, 37
Entoesiasties..... 52
e-pos..... 6, 7, 8, 9, 20, 56
Erfgrond 36
Evalueer 19, 20, 26, 29, 54

F

Fiksheid 35, 36
Foto-album..... 11
Fotograaf..... 40

G

Gasheer..... 37
Gebiedskampe..... 7, 12, 28, 29, 31, 33
Gebiedskampe van die Noord-Kaap..... 35
Gebiedskampe van Natal 35
Gedragskode 51, 52
Geheime skrif.....7
Geloof 13
Gemeenskap.....4, 8, 11, 14, 55
Gesellige speletjies 22
Gesindheid 3, 11, 20
Gesonde eetgewoontes.....47
Gevorderde Seilkuns.....38
Goeie beplanning.....21
Goeie maniere.....47
Graadwiel.....3, 12, 20
Graadwielwerk 3, 4, 12, 18, 20, 21, 22, 23,28, 29, 31
Groei 1, 3, 12, 35, 39, 43, 44, 45
Groepspele 22
Grondslag, wese en doelstellings 13, 47, 51

H

Handwerk.....34, 35, 36
Heemraadslede.....40, 47
Hoëveld 36
Hou Koers 7, 12
Huisbesoek.....9, 10, 52
Huishouding.....37
Hulpmiddels.....11, 18

I

Internet.....4, 7, 12
Invloed 52

J

Jaarprogram 7, 8, 31, 47
Jag- en Wildbeheer 37
Jakaranda 36
Jakkals 49, 50
Joernaal.....12
Joernaalhouer.....40
Junior Sang 34

K

Kampbeveiliging.....36, 37, 38
Kampe 21
Kampeerder.....35, 36
Kampkook.....35
Kampterrein 23
Kampvuur 23, 28
Kentekens 7, 20, 34. 37, 56
Kentekenwerk 3
Kettieskiet 36
Koerante.....12
Kommersiële speletjies 23

Kommunikasie 7, 21, 36, 37, 47, 53, 54
Kommunikasiemiddels 25, 26
Kompetisiekamp 36
Konflik 40, 48, 49, 50, 51, 52, 53, 54
Konflikhantering…….... 50, 53
Konflikhanteringstyl 49
Kragkompetisies..... 22
Kreatief..... 3, 8, 21, 26, 27, 52
Kreatiwiteit..... 1, 4, 11, 22
Kultuurgoedere..... 36
Kundige persone 4, 12, 29
Kursusse..... 12
Kuswag..... 38

L

Landsdiens 36
Leeu..... 49, 50
Leier..... 1, 4, 11, 40, 41, 51, 52
Leiers..... 41, 51
Leierskamp..... 36
Leierskap..... 39, 46
Leierskapsontwikkeling 5, 18, 33, 36
Lewensgereedheid..... 38
Lewenskuns..... 37
Lewenswaarheid..... 18
Lied 19
Lojaliteit..... 52
Lunsklip Veldwerkkamp..... 37

M

Medemens 36, 51
Mentor..... 5, 12, 29
Moderne tegnologie 26
Moderne wêreld 2

N

Nagmars 20, 25, 26, 27
Noodhulp..... 21, 25, 26, 35, 37, 39
Noordelike P/D Kamp..... 36
Nutsman..... 36

O

Oewer Verkenningskamp..... 37
Omgewingskennis..... 36
Omsendbriewe 12
Ondersteun..... 9, 11, 12, 39
Ontdekkerskamp 36
Onthaalkuns 20, 36, 37
Oos-Kaap Gebiedskampe..... 34
Opening..... 18
Operasie Murgpyp..... 36
Opleiding..... 1, 29, 34, 52
Ouers . 1, 4, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 15, 19, 20, 21, 27, 44, 46, 47, 52
Ouervergadering 11, 17
Outyds.....10

P

Papier 7, 18, 23
Paraatheid 34, 35, 37
Paradewerk 24, 35, 36, 48
Partypolitieke aangeleenthede 52
Plantwaarneming 36, 37
Positief.....15, 48, 50, 52
Positiewe siening 52
Pret.....4
Pretdril 25
Probleme 18, 26, 41, 46, 52

R

Radiokommunikasie 36
Radiospraak 20, 37
Redding.....36, 37
Registers 7
Respek.....47, 52
Rhus Keeti Veldwerkkamp 37
Rigtersgroep.....37
Roeikunde 34, 35, 37, 38
Rolspel 4
Roodeplaat Waterwerkkamp 37
Ruimtetegnologie.....39
Ruiterkuns 37

S

Sake van die dag.....18, 23, 29
Sang 23, 48
Seejol 38
Seekunde.....1, 34, 38
Seilkuns.....1, 35, 37, 38
Seiner 37
Sekretaris 40
Selfbehoud 34, 35, 37, 38
Selfrespek 24, 47
Selfvertroue.....29, 39, 41, 44
Seniorkamp 36
Sentraal.....36
Seremonies.....26, 27, 48
Sierdril 25
Skilpad 49, 50
Skree 47
Snorkelduik 22, 38
So Maak Mens 12
Sober.....52
Spanbyeenkoms 3, 4, 8, 10, 12, 17, 18, 19
Spandrag 11, 27
Spanetiek.....20
Spanfonds 7, 11, 15, 55

Spangees..... 21, 22, 27, 40
Spanjoernaal..... 11, 39
Spankontrak 12, 48
Spanleier..... 19, 25, 39, 40, 41
Spanplek..... 17
Spansement 12, 27, 28
Spantyd..... 17, 18, 19
Spel..... 4, 20, 21, 23, 48
Spesiale Onderskeidingskentekens 12, 20, 21, 28, 29, 31 28
Spierkoördinasie..... 44, 45, 46
Spoorkennis..... 35, 36
Spoorsny..... 34, 35, 36, 37
Spysenier..... 40
Standpunt 10, 18, 29
Stildril..... 25
Stiptelikheid 47
Straf..... 48
Strandbewustheid..... 34, 37
Strandstudie..... 38
Strandvernuf..... 34, 38
Suikerbosrand..... 36
Swartvlei Seekamp..... 37

T

Taktvolle 40, 41
Talente..... 20
Teddie..... 49, 50
Thaba Veldwerkkamp..... 37
Touwerk 36
Transvaalse Gebiedskampe..... 36. 37
Tydskrifte..... 12

U

Uil..... 49, 50
Uitstappies..... 3, 4, 11, 20, 21, 31

V

Varswaterkunde 37, 38
Veldbewustheid..... 35, 36
Veldkamp 21, 36
Veldstudie 35, 36, 37
Veldvernuf 35, 37
Venterskroon.....36
Verantwoordelikheid van die volwasse lid met ‘n span.....18
Vergaderplek.....10
Vergadertye 8
Verkenner 29, 34, 35, 37, 39, 40, 41
Verkenning 37
Versamelkuns 37
Verstaan...2, 10, 12, 18, 29, 45, 48, 50, 51, 53
Vlotvaart 4
Voetslaner 20, 34, 37, 38
Volwasse lid.……..1, 2, 3, 4, 5, 7, 9, 11, 12, 13, 15, 17, 18, 19, 21, 22, 24, 26, 28, 29, 34, 39, 40, 41, 47, 48, 51, 52
Voorbereiding vir HW 36
Voorslag.....28, 33
Voorslagkamp 36
Voortrekkerboom.....13
Voortrekkerdepot.....12, 24, 26, 56
Voortrekkerdrag.....11, 51, 56
Voortrekkerkode 4, 22, 56
Voortrekkerspeletjies 22
Voorwerpspeletjies 22
Vrystaatse Gebiedskampe.....36

W

Waarneming.....47
Waterbewustheid 35, 36
Waterwerkkamp.....37, 38
Weerkennis 36
Werkswinkels 12, 29
Werwing 9
Wielejan.....40
Wilgedraai Waterwerkkamp 38